UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Geselekteerde aspekte van kredietooreenkomste wat buite die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet van 2005 val.

'n Mini Skripsie ingedien as gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad

**Magister Legum (Handelsreg)**

**Departement Handelsreg**

**Fakulteit Regte**

**Universiteit van Pretoria**

Ingedien deur

**Richard Daniël Nortje**

Studentenommer: 10633503

Onder toesighouding van

**Prof C van Heerden**

November 2014



© University of Pretoria

**Verklaring ten opsigte van plagiaat**

**Universiteit van Pretoria**

**Fakulteit Regte**

Ek, Richard Daniël Nortje, met studentenommer 10633503 verklaar plegtig dat:

1. Ek bewus is van wat plagiaat behels en dat ek bewus is van die Universiteit se beleid daaromtrent.

2. Ek verklaar dat hierdie mini skripsie my eie oorspronklike werk is. Waar 'n ander persoon se werk gebruik is, (ongeag van watter bron dit afkomstig mag wees) is volledige erkenning verleen aan die persoon ooreenkomstig die Fakulteit Regte se vereistes.

3. Ek het geen materiaal gebruik wat geskep is deur 'n ander student of enige ander persoon, wat ek voorgehou het as my eie oorspronklike werk nie.

4. Ek het nie toegelaat nie en sal ook nie toelaat dat enige ander persoon my werk gebruik met die voorneme om dit as sy of haar eie werk voor te hou nie.

Handtekening: ____________________



© University of Pretoria

**Inhoudsopgawe:**

**Opsomming** ..... **1**

**Hoofstuk 1 Die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet** ..... **2**

1.1 Inleiding ..... 2

1.2Doelstellings ..... 2

1.3Toepassingsgebied van die wet: ..... 3

1.3.1 Algemeen ..... 3

1.3.2 Klassifisering van kredietooreenkomste in terme van die Nasionale Kredietwet ..... 4

1.3.3 Kategorieë kredietooreenkomste ..... 10

1.3.4 Ooreenkomste wat uitgesluit word van die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet ..... 11

1.4 Armlengte transaksies ..... 12

1.5 Kategorieë van verbruikers ..... 13

1.6 Die verbruiker se regte en die kredietverskaffer se verpligtinge ..... 14

1.6.1 Regte van die verbruiker ..... 14

1.6.2 Die reg tot vertroulike behandeling van persoonlike inligting ..... 16

1.6.3 Beskerming van verbruikerskredietregte ..... 16

1.6.4 Die reg om toegang tot kredietrekords en –inligting te verkry en om dit te betwis ..... 16

1.6.5 Die reg om ‘n kredietooreenkoms nietig te verklaar ..... 18

1.6.6 Die reg om ‘n ooreenkoms te kanselleer of te vereffen ..... 19

1.6.7 Teruggawe van goedere ..... 19

1.6.8 Die reg om deel te neem aan ‘n verhoor voor die Nasionale Verbruikers Tribunaal ..... 19

1.6.9 Die verpligtinge van die verbruiker ..... 20

1.6.10 Reg op beperking van koste ..... 20

1.6.11 *In duplum* ..... 21

1.7 Die regte van die Kredietverskaffer ..... 22

1.7.1 Die reg om ‘n kredietooreenkoms af te dwing ..... 22

1.7.2 Die reg om ‘n kredietfasiliteit op te skort ..... 22

1.7.3 Vergoeding vir Kredietverskaffers ..... 22

1.7.4 Verpligting van die kredietverskaffers ..... 23



© University of Pretoria

1.7.5 Registrasie van ‘n kredietverskaffer ........ 23
1.7.6 Voorooreenkomsopenbaarmaking ........ 23
1.7.7 Verpligte bekostigbaarheidsondersoek ........ 23
1.7.8 Die verpligting om ‘n verbruiker te voorsien van ‘n afskrif van die ooreenkoms ........ 24
1.7.9 Die verpligtinge van Pandhouers ........ 24
1.7.10 Die verpligting om kennis te gee in terme van artikel 129(1)(a) ........ 25
1.7.11 Die verpligting om dokumentasie en rekords te hou ........ 27
1.7.12 Die verpligting om dokumentasie en rekords te hou ........ 27
1.8. Gevolgtrekking ........ 27

**Hoofstuk 2 Die posisie van kredietooreenkomste wat buite die Nasionale Kredietwet Val ........ 30**
2.1 Inleiding ........ 30
2.2.1 Borgkontrakte ........ 30
2.2.2 Borgkontrakte en die Nasionale Kredietwet ........ 31
2.3 Die posisie van die borge wat hulself verbind aan ooreenkomste wat buite die Wet val ........ 31
2.4 ‘n Samevatting van gevalle waar ‘n natuurlike persoon wat borg gestaan het vir ‘n ander, volle, beperkte of geen beskerming sal hê ........ 34
2.4.1 Volle beskerming ........ 34
2.4.2 Beperkte beskerming ........ 34
2.4.3 Geen beskerming ........ 35
2.5 Maksimum rentekoerse, Mores en die gemenereg: *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours CC en drie Andere* ........ 35
2.5.1 *Inleiding* ........ 35
2.5.2 *Feite* ........ 36
2.5.3 *Ratio Decidendi* ........ 37
2.6 Faktore wat oorweeg kan word in die toets vir woeker ........ 42
2.7 Bespreking ........ 47

**3 Gevolgtrekking ........ 49**
**Bibliografie ........ 51**



© University of Pretoria

**Opsomming**

Die leen en uitleen van geld bestaan al so lank as wat geld self bestaan.

Krediet verwys na die funksie van finansiële markte om fondse in te win vir 'n magdom entiteite by wyse van verskeie tegnieke, welke dit vir die kort- of langtermyn mag wees. Krediet is 'n integrale deel van die moderne ekonomie. Die esse van krediet is dat kredietverskaffers fondse voorsien aan leners, wat die lener in staat stel om iets van waarde onmiddellik te bekom, maar om betaling uit te stel. Dis deel van 'n finansiële sisteem wat die vloei van fondse tussen kontrakterende partye fasiliteer. Die kredietverskaffer hef rente op die geld wat voorgeskiet word en so maak díe 'n wins.

Die Nasionale Kredietwet Wet 34 van 2005, wat ten volle in werking getree het op 1 Junie 2017, reguleer tans 'n wye verskeidenheid kredietooreenkomste.

Daar is, soos in hierdie skripsie aangedui sal word, gevalle waar kredietooreenkomste wat oënskynlik aan die Wet se omskrywing van bepaalde kredietooreenkomste voldoen, nietemin buite die toepassingsgebied van die Wet val.

In hierdie skripsie sal ondersoek ingestel word na die toepassingsgebied van die Wet ten einde te bepaal watter transaksies buite die Wet se trefwydte val. Daar sal ook gekyk word na die regte en verpligtinge van kredietverskaffers en verbruikers ten aansien van ooreenkomste wat binne die Wet val ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom insake die omvang van die voldoeningsplig wat die Wet aan 'n kredietverskaffer oplê en die omvang van die beskerming wat aan verbruikers verleen word. Daar sal kortliks aangedui word watter beskerming 'n verbruiker verbeur ten opsigte van 'n kredietransaksie wat buite die Wet val.

Vanweë die beperkte omvang van hierdie skripsie sal daar vervolgens aan bepaalde geselekteerde aspekte aandag gegee word wat problematies blyk te wees ten opsigte van kredietooreenkomste wat buite die toepassingsgebied van die Wet val. In hierdie verband sal kortliks kommentaar gelewer word oor borgkontrakte en sal ondersoek ingestel word na die kwessie van rente en of daar enigsins 'n beperking deur die gemenereg op die rentekoerse vir sodanige geval geplaas word.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 1 Die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet

## 1.1 Inleiding

Die Nasionale Kredietwet poog om so te sê alle aspekte van die toestaan van krediet en die daaropvolgende kredietooreenkomste in Suid Afrika te reguleer. Die Nasionale Kredietwet het 'n rits wette vervang wat voorheen die toestaan van krediet en kredietooreenkomste gereguleer het toe die finale fase van die Wet in werking getree het op 1 Junie 2007.[1] Dit het die Woekerwet[2]; die Wet op Kredietooreenkomste[3] en die Wet op die Integrasie van Woekerwette[4] geheel en al herroep. Die Nasionale Kredietwet het verder 15 ander wette gewysig en/of gedeeltelik herroep.[5] Daar mag deurlopend in hierdie studie verwys word na die posisie wat gegeld het onder vorige wetgewing, maar daar sal nie 'n dieptestudie gemaak word van hierdie wette nie.

## 1.2 Doelstelling

Die doelstelling van die Nasionale Kredietwet word as volg uiteengesit in hoofstuk 3 van die Wet: "Die doelstellings van hierdie Wet is om die maatskaplike en ekonomiese welsyn van Suid Afrikaners te bevorder en te verbeter, 'n billike, deursigtige, mededingende, volhoubare, verantwoordelike, doeltreffende, doelmatige en toeganklike kredietmark en kredietbedryf te bevorder en om verbruikers te beskerm deur-"[6] Die wetgewer gaan dan voort in Artikel 3 om te beskryf hoe hierdie doelstelling bereik behoort te word, naamlik:

(a) "Die ontwikkeling van 'n kredietmark wat vir alle Suid-Afrikaners toeganklik is, en in die besonder vir diegene wat histories nie in staat was om toegang tot krediet onder volhoubare marktoestande te verkry nie;
(b) Konsekwente behandeling van verskillende kredietprodukte en verskillende kredietverskaffers te verseker;
(c) Verantwoordelikheid in die kredietmark te bevorder deur-

---

[1] Vir 'n volledige historiese oorsig sien Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* (2008 *et seq*) Hoofstuk 1.
[2] Wet 73 van 1968.
[3] Wet 75 van 1980.
[4] Wet 57 van 1996.
[5] Art 172(1) tot Art172(4) saamgelees met Skedule 1 tot Skedule 3 van die Nasionale Krediewet wet 34 van 2005.
[6] Art 3 Wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

(i) verantwoordelike leenpraktyke aan te moedig, oorverskuldigheid te vermy en die nakoming van finansiële verpligtinge deur verbruikers aan te moedig; en

(ii) roekelose kredietverlening deur kredietverskaffers en kontrakbreuk deur verbruikers te ontmoedig;

(d) Billikheid in die kredietmark te bevorder deur 'n ewewig te handhaaf tussen die onderskeie regte en verantwoordelikhede van kredietverskaffers en verbruikers;

(e) Die wanbalans in onderhandelingsmag tussen verbruikers en kredietverskaffers aan te spreek en reg te stel deur-

(i) opvoeding aan verbruikers te verskaf oor krediet en verbruikersregte;

(ii) verbruikers van genoegsame openbaarmaking van gestandaardiseerde inligting te voorsien ten einde ingeligte keuses uit te oefen; en

(iii) verbruikers te voorsien van beskerming teen misleiding, en teen onbillike en bedrieglike optrede deur kredietverskaffers en kredietburo's;

(f) Verbruikerskredietinligting en verslagdoening deur die regulering van kredietburo's te verbeter;

(g) Oorverskuldigheid van verbruikers aan te spreek en te voorkom, en meganismes vir die oplossing van oorverskuldigheid te verskaf gegrond op die beginsel dat die verbruiker alle verantwoordelike finansiële verpligtinge moet nakom;

(h) Voorsiening te maak vir 'n konsekwente en toeganklike stelsel vir die konsensuele beslegting van geskille wat uit kredietooreenkomste voortspruit; en

(i) Voorsiening te maak vir 'n konsekwente en geharmoniseerde stelsel van skuldherstrukturering, afdwinging en vonnis, wat voorrang verleen aan die uiteindelike nakoming van alle verantwoordelike verpligtinge van die verbruiker kragtens kredietooreenkomste."[7]

## 1.3 Toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet

### 1.3.1 Algemeen

As 'n algemene reël, is die Nasionale Kredietwet van toepassing op elke kredietooreenkoms wat gesluit word tussen partye wat op 'n armlengte-grondslag sake doen en wat gesluit is of wat effek het binne die Republiek van Suid Afrika.[8] Die

[7] Art 3(a) - (i) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[8] Renke "The National Act: New parameters for granting of credit in South Africa" 2007 *Obiter* bl 230.



© University of Pretoria

Kredietwet onderskei tussen verskillende soorte kredietooreenkomste[9] en verskillende klasse verbruikers.[10]

### 1.3.2 Klassifisering van kredietooreenkomste in terme van die Nasionale Kredietwet

‘n Ooreenkoms stel ‘n kredietooreenkoms daar vir die doeleindes van die Wet indien dit kwalifiseer as ‘n kredietfasiliteit, krediettransaksie, kredietwaarborg of ‘n kombinasie daarvan.[11] In die algemeen het kredietooreenkomste twee dinge in gemeen, naamlik : Krediet word verskaf en ‘n heffing, gelde of rente is betaalbaar, of ‘n laer prys is betaalbaar indien die betaling vroeg geskied.[12] Daar bestaan uitsonderings, soos kredietwaarborge en verbandooreenkomste waarvoor die heffing van ‘n heffing, gelde of rente nie ‘n voorvereiste is vir die Wet om van toepassing te wees nie.[13]

(a) Kredietfasiliteit:

‘n Kredietfasiliteit is ‘n ooreenkoms in terme waarvan die kredietverskaffer onderneem om goedere of dienste te lewer of om ‘n bedrag of bedrae aan of namens die verbruiker te betaal, volgens die voorskrifte van die verbruiker.[14] Die verpligting van die verbruiker om die prys van die goedere of dienste te betaal of om die geld wat voorgeskiet is te betaal, word uitgestel of alternatiewelik word hy periodies gefaktureer.[15] Die verbruiker betaal ‘n heffing, gelde of rente ten opsigte van die bedrag wat uitgestel is of ten opsigte van ‘n bedrag waarvoor die verbruiker gefaktureer is, maar nie betaal het binne die tydperk soos bepaal in die ooreenkoms nie.[16]

---

[9] Art 8 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[10] Art 4 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[11] Art 8(1) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[12] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-1.
[13] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-2 saam gelees met Otto “Die Toepaslikheid (al dan nie) van die Nasionale Kredietwet op rentevrye kontrakte” 2012 *De Jure* opgehaal vanaf hhttp://www.dejure.up.ac.za/index.php/en/volumes/45-vol-1-2012/notas/otto-jm.html
[14] Art 8(3)(a)(i) Nasionale Kredietwet,wet 34 van 2005.
[15] Art 8(3)(a)(ii) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[16] Art 8(3)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

Tipiese voorbeelde van ‘n kredietfasiliteit is ‘n kredietkaart, ‘n oortrekkingsfasiliteit op ‘n tjekrekening en ‘n rekening by ‘n handelaar wat goedere verkoop waarvan die betaling uitgestel word met die heffing van gelde of rente.[17]

(b) Kredietransaksie:

Artikel 8(4) lys agt verskillende soorte kredietransaksies, naamlik:

- Pandtransaksies:

‘n Pandtransaksie word in die Nasionale Kredietwet gedefinieer as ‘n ooreenkoms waar die kredietverskaffer krediet verleen of geld voorskiet aan ‘n verbruiker en terselfdertyd besit neem van goedere as sekuriteit vir die geld voorgeskiet of die krediet verleen. Die uitgangspunt van die transaksie is dat die geraamde herverkoopsprys van die goedere wat as sekuriteit geneem word die geld oorskry wat voorgeskiet word of die krediet wat verleen word, of dat ‘n heffing, gelde of rente opgelê word ten opsigte van die ooreenkoms of die bedrag wat voorgeskiet is of die krediet wat verleen is.[18] Die kredietverskaffer is geregtig daarop om die goedere, wat as sekuriteit dien, by die verstryking van ‘n omskrewe tydperk te verkoop en die totale opbrengs van die verkope te hou ter vereffening van die verbruiker se verpligtinge kragtens die ooreenkoms.[19]

Pandtransaksies is vrygestel van sekere vereistes in die Nasionale Kredietwet. Artikel 78(2)(d) sluit die bepalings van roekelose krediet uit[20] en Artikel 89(1) van die Nasionale Kredietwet sluit spesifiek die bepalings van ongeoorloofde ooreenkomste uit.

‘n Voorbeeld van ‘n pandtransaksie is waar die verbruiker sy horlosie wat R2000-00 werd is, na ‘n pandwinkel neem en R1000-00 kontant daarteen leen. Die ooreenkoms meld dat die geld wat voorgeskiet is terugbetaal moet word binne een kalender maand. Die verbruiker versuim om die lening terug te betaal en die pandhouer verkoop die horlosie vir R1500-00 en is geregtig op die volle opbrengs.

- Afslagtransaksie:

[17] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq)* bl 8-4.
[18] Stoop “Kritiese evaluasie van die toepassingsgebied van die “National Credit Act” 2008 *De Jure* bl 357.
[19] Art 1 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[20] Art 81-84 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

Die Nasionale Kredietwet omskryf ‘n afslagtransaksie as ‘n ooreenkoms waar daar goedere of dienste verskaf word aan ‘n verbruiker oor ‘n tydperk. Meer as een prys word gekwoteer aan die verbruiker deur die verskaffer; ‘n laer prys indien betaling geskied voor ‘n vasgestelde datum en ‘n hoër prys, indien betaling geskied na die gemelde datum of as die betaling periodiek gedurende die tydperk geskied.[21]

‘n Voorbeeld van ‘n afslagtransaksie is waar ‘n verskaffer goedere lewer aan ‘n verbruiker en die ooreenkoms lui dat indien die volle koopprys vereffen word binne twee weke na lewering, die prys betaalbaar R1000-00 sal wees, maar dat indien betaling eers na die twee weke geskied sal die koopprys R1200-00 sal wees.

- Insidentele kredietooreenkoms:

‘n Insidentele kredietooreenkoms is ‘n ooreenkoms, ongeag van die vorm, ingevolge waarvan ‘n rekening gelewer is vir goedere of dienste wat aan die verbruiker gelewer is, of vir goedere of dienste wat oor ‘n tydperk aan die verbruiker gelewer moet word, ten opsigte waarvan een of albei die voorwaardes geld:[22]

(a) Gelde, ‘n heffing of rente het betaalbaar geword toe betaling vir ‘n bedrag gehef ingevolge daardie rekening, nie gedurende, op of voor ‘n vasgestelde tydperk of datum gedoen is nie; of

(b) Twee pryse is gekwoteer vir die vereffening van die rekening, die laer prys synde toepaslik indien die rekening op of voor ‘n vasgestelde datum betaal word, en die hoër prys synde toepaslik op grond daarvan dat die rekening nog nie teen daardie datum betaal is nie.[23]

Dit is opmerkbaar dat die definisie van ‘n insidentele kredietooreenkoms oorvleuel met die van ‘n afslagtransaksie, siende dat altwee voorsiening maak vir die voorsiening van goedere of dienste en die kwotering van twee verskillende pryse, waarvan die laer een betaalbaar sal wees indien dit voor ‘n sekere datum betaal word en daarna sal die hoër prys geld.[24]

[21] Art 1 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[22] Stoop “Kritiese evaluasie van die toepassingsgebied van die ‘National Credit Act’” 2008 *De Jure* bl357.
[23] Art 1 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[24] Stoop “Kritiese evaluasie van die toepassingsgebied van die ‘National Credit Act’” 2008 *De Jure* bl358.



© University of Pretoria

Die enigste substansiële verskil tussen 'n insidentele kredietooreenkoms en 'n afslag transaksie blyk te wees dat 'n rekening gelewer moet word in die geval van 'n insidentele ooreenkoms.[25]

Die debat omtrent die oorvleueling van sekere ooreenkomste mag dalk streng akademies van aard klink, maar dit is baie belangrik in die praktyk ook. Aucamp is van mening dat dit tot "agreement shopping" kan lei, deurdat 'n persoon 'n ooreenkoms laat pas in die definisie van 'n ooreenkoms, wat dit nie eintlik is nie, ten einde die toepassing van die wet te omseil.[26]

'n Voorbeeld van 'n insidentele kredietooreenkoms is 'n selfoonkontrak, ingevolge waarvan die diensverskaffer 'n diens lewer aan die verbruiker, tesame met 'n maandelikse staat. Indien die verbruiker nie die rekening vereffen binne 30 (dertig) dae nie, word rente gehef op die uitstaande bedrag.[27]

- Paaiementooreenkoms:

'n Paaiementooreenkoms is 'n tipe ooreenkoms waar roerende eiendom aan die verbruiker verkoop word, die prys of 'n gedeelte daarvan uitgestel word en die verbruiker dit betaal deur periodieke betalings te maak. Die eiendomsreg van die saak sal eers oorgaan op die verbruiker as die ooreenkoms ten volle nagekom is alternatiewelik gaan dit onmiddellik aan die verbruiker oor, maar die kredietverskaffer behou die reg voor om die eiendom terug te neem indien die verbruiker nie al sy finansiële verpligtinge, ingevolge die ooreenkoms nakom nie. Die verbruiker moet rente, gelde of heffings betaal ten opsigte van die ooreenkoms of ten opsigte van die bedrag wat uitgestel is aan die kredietverskaffer.[28]

'n Voorbeeld van 'n paaiementooreenkoms is waar 'n verbruiker 'n motor koop vanaf die kredietverskaffer en die verbruiker onderneem om die motor af te betaal in gelyke paaiemente oor 'n periode van 52 maande, alhoewel besit dadelik oorgaan na die verbruiker, gaan die eienaarskap eers oor na die betaling van die laaste paaiement.

- Verbandooreenkomste:

[25] Aucamp "The incidental credit agreement: a theoretical and practical perspective" 2013 *THRHR* 76 bl384.
[26] Aucamp "The incidental credit agreement: a theoretical and practical perspective" 2013 *THRHR* 76 bl384.
[27] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-6.
[28] Art 1 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

Voor Artikel 1 van die Nasionale Kredietwet gewysig is deur die Nasionale Krediet wysigingswet is 'n verbandooreenkoms gedefinieer as 'n kredietooreenkoms wat gesekureer word deur 'n pand van onroerende eiendom.[29] Ingevolge die sakereg is dit egter onmoontlik om onroerende eiendom te verpand. Om uitvoering te gee aan die definisie kan daar nie anders gemaak word as om "'n pand van onroerende eiendom te interpreteer as die registrasie van 'n verband oor onroerende eiendom".[30]

Die definisies van beide "verband" en "verbandooreenkoms" is gewysig deur Artikel 1 van die Nasionale Krediet Wysigingswet van 2014. Otto beskryf die nuwe definisie van 'n verband as die baring van 'n "nuwe monster" deurdat die nuwe definisie 'n "verband" definieer as:
"verband wat geregistreer is by die registrateur van aktes oor onroerende eiendom wat dien as voortdurende dekkende sekuriteit vir 'n verbandooreenkoms."[31]

Die woorde "voortdurende dekkende sekuriteit" is volgens Otto misleidend, oorbodig en onnodig, deurdat dit die indruk skep dat 'n verband vir doeleindes van die Nasionale Kredietwet, 'n dekkingsverband is, dit wil sê 'n verband wat dien as sekuriteit vir toekomstige skuld.[32] Ek skaar my by die opinie van Otto.

'n Verbandooreenkoms is altyd 'n groot transaksie vir doeleindes van die Wet.[33]

- Gesekureerde lening:

Dit is 'n ooreenkoms, ongeag van die vorm daarvan, maar nie 'n paaiements ooreenkoms nie, ingevolge waarvan geld voorgeskiet of krediet verleen word en die kredietverskaffer behou of ontvang 'n pand of sessie van die eiendomsreg op enige waardedraende item as sekuriteit vir al die bedrae verskuldig.[34]

In die reg is dit teoreties onmoontlik om eiendomsreg te verpand of sessie daarvan te gee. Otto is van mening dat 'n betekenis gegee moet word aan die definisie en in

---

[29] Art 1 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[30] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-9.
[31] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-9.
[32] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq)* bl 8-9 en 8-10.
[33] Art 9(4) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005. Sien ook paragraaf 1.3.3 bl10.
[34] Art 1 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

'n Suid-Afrikaanse konteks was die bedoeling eerder dat die roerende eiendom eerder self verpand moet word in plaas van die eiendomsreg.[35]

Die definisie van 'n gesekureerde lening is gewysig deur Artikel 1 van die Nasionale Krediet Wysigingswet[36], deurdat die woorde "of sessie van die eiendomsreg" geskrap is van die definisie. Uit die aard van die saak sal die ou definisie nog steeds geld vir kredietooreenkomste wat aangegaan is voor die wysiging van 2014.[37]

- Huurooreenkoms:

Ingevolge die Nasionale Kredietwet is 'n ooreenkoms, vir doeleindes van die wet, 'n huurooreenkoms as daar tydelike besit gegee word van roerende eiendom wat gelewer is, of die reg om sodanige eiendom te gebruik verleen is aan die verbruiker volgens die voorskrifte van die verbruiker. Die betaling vir die besit daarvan word op 'n ooreengekome of vasgestelde periodieke wyse gedoen, of die betaling word uitgestel vir enige tydperk terwyl die ooreenkoms geldig is en rente, gelde of heffings is betaalbaar aan die kredietverskaffer. Die wet vereis ook dat eienaarskap van die eiendom oorgaan aan die huurder aan die einde van die termyn of deur die uitoefening van 'n opsie.[38]

Die vereiste dat die huurder eienaar moet word aan die einde van die huurooreenkoms, is lynreg in stryd met die gemeenregtelike posisie wat bekend is aan die Suid-Afrikaanse reg.[39] Volgens Olivier is die essentialia van die huurkontrak, afgesien van die algemene vereistes vir kontraksluiting, die volgende, waaroor die partye ook wilsooreenstemming behoort te hê:

(a) "die saak wat verhuur word;

(b) dat die genot en gebruiksbevoeghede van sodanige saak slegs tydelik verleen word; en

(c) die aard en omvang van die teenprestasie wat gelewer word."[40]

Dis duidelik uit die bovermelde dat die besit net beoog word om tydelik van aard te wees.[41]

---

[35] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-10.
[36] Wet 19 van 2014.
[37] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-11.
[38] Art 1 Nasionale kredietwet, wet 34 van 2005.
[39] Stoop "Kritiese evaluasie van die toepassingsgebied van die 'National Credit Act'" 2008 *De Jure* bl361.
[40] Nagel *Kommersiële Reg* 4de uitgawe (2011) bl247.



© University of Pretoria

- Ander krediet ooreenkomste:

Artikel 8(4)(f) maak voorsiening vir enige soort ooreenkoms wat nie in gelys is in Artikel 8 van die wet nie. Dit vereis net die uitstel van betaling en enige heffing, gelde of rente wat betaalbaar moet wees ten opsigte van die kontrak of die bedrag uitgesluit.[42] Hierdie tipe kredietooreenkomste staan ook bekend as "catch all" – kredietooreenkomste.[43]

(c) Kredietwaarborg:

'n Kredietwaarborg is 'n ooreenkoms vir doeleindes van die wet as 'n persoon onderneem of beloof om ingevolge die ooreenkoms, op aanvraag enige verpligting van 'n ander verbruiker ingevolge 'n kredietfasiliteit of 'n kredietransaksie, waarop die wet van toepassing is, na te kom.[44]

### 1.3.3 Kategorieë kredietooreenkomste

Behoudens die verskillende soorte kredietooreenkomste, word kredietooreenkomste ook geklassifiseer as 'n klein-, middelslag- of grootooreenkoms.[45] Vir doeleindes van die wet sal 'n pandtransaksie altyd kwalifiseer as 'n kleinooreenkoms en 'n verbandtransaksie as 'n groot ooreenkoms, ongeag van die waarde van die hoofskuld by die betrokke transaksie.[46]

Hierdie is 'n belangrike klassifikasie van ooreenkomste aangesien dit relevant is om te bepaal of die Nasionale Kredietwet van toepassing is op 'n transaksie of nie, soos later aangedui sal word. Indien sekere klasse verbruikers sekere kategorieë lenings aangaan, is die wet net gedeeltelik of glad nie van toepassing op die transaksie nie.

Die wet klassifiseer kredietooreenkomste gebaseer op hul grootte, as volg:

- Klein ooreenkomste:

---

[41] Die Suid-Afrikaanse reg erken ook nog altyd die bestaan van 'n opsie kontrak, sou die partye begerig wees om 'n opsie te voorsien aan 'n huurder om die saak te koop. Partye kan hulself hiervolgens onwetend en sonder bedoeling in 'n kredietooreenkoms, wat onderhewig aan die Nasionale kredietwet sal wees, begewe.

[42] Art 8(4)(f) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.

[43] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 8-15.

[44] Art 8(5) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.

[45] Art 9(1) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.

[46] Otto *The National Credit Act Explained* 3rd edition (2014) bl 35.



© University of Pretoria

‘n Krediet ooreenkoms is ‘n klein ooreenkoms indien dit ‘n pandtransaksie, ‘n krediet fasiliteit is wat nie groter as R15000-00 is of enige ander soort kredietooreenkoms, behalwe ‘n verbandooreenkoms of ‘n kredietwaarborg, waarvan die kredriettransaksie of waarborg nie groter as R15 000-00 is nie.[47]

- Intermediêre ooreenkomste:

‘n Kredietooreenkoms sal kwalifiseer as ‘n intermediêre ooreenkoms indien dit ‘n kredietfasiliteit is wat groter is as R15000-00 of enige kredietooreenkoms, behalwe ‘n pandtransaksie, ‘n verbandooreenkoms of ‘n kredietwaarborg, waarvan die krediettransaksie of waarborg groter is as R15000-00 maar kleiner as R250 000-00.[48]

- Groot ooreenkomste:

‘n Kredietooreenkoms word geklassifiseer as ‘n ooreenkoms, behalwe ‘n pand of kredietwaarborg, waarvan die hoofskuld of waarborg groter of gelyk aan R250 000-00 is.[49]

### 1.3.4 Ooreenkomste wat uitgesluit word van die toepassingsgebied van die Nasionalekredietwet

Artikel 8(2) van die Nasionale Kredietwet bepaal as volg:

> “8(2) Ongeag die vorm van die ooreenkoms is dit nie ‘n kredietooreenkoms nie indien dit –
>
> (a) ‘n Verskeringspolis is, of krediet wat deur ‘n versekeraar verleen word uitsluitlik om betaling van premies op ‘n versekeringspolis in stand te hou;
>
> (b) ‘n huurkontrak van onroerende eiendom is; of
>
> (c) ‘n transaksie is tussen ‘n stokvel en ‘n lid van daardie stokvel ooreenkomstig die reëls van die stokvel.”

[47] Art 9(2) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005 saam gelees met GK 713 in die Staatskoerant van 1 Junie 2006.

[48] Art 9(3) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005 saam gelees met GK 713 in die Staatskoerant van 1 Junie 2006.

[49] Art 9(4) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005 saam gelees met GK 713 in die Staatskoerant van 1 Junie 2006.



© University of Pretoria

## 1.4 Armlengte transaksies

Soos vermeld in paragraaf 1.3.1 sal die Nasionale Kredietwet van toepassing wees op 'n kredietooreenkoms, onderhewig aan die voorbehoud dat die kontrakterende partye op 'n armlengte-grondslag sake doen.[50] Sodra daar vasgestel is dat 'n ooreenkoms 'n kredietooreenkoms daarstel vir doeleindes van die Nasionale Kredietwet, is die volgende toets dus om te bepaal of die partye sake doen op 'n armlengte-grondslag. Die Nasionale Kredietwet lys 'n aantal situasies waar die kontrakterende partye nie geag sal word op 'n armlengte-grondslag handel dryf nie, naamlik:[51]

> 4(2)(b) "die partye doen nie sake op 'n armlengte-grondslag in enige van die volgende situasies nie:
>
> (i) 'n Aandeelhouerslening of ander kredietooreenkoms tussen 'n regspersoon, as verbruiker, en 'n persoon wat 'n beherende belang in daardie regspersoon het, as kredietverskaffer;
>
> (ii) 'n lening aan 'n aandeelhouer of ander kredietooreenkoms tussen 'n regspersoon, as kredietverskaffer, en 'n persoon wat 'n beherende belang in daardie regspersoon het, as verbruiker;
>
> (iii) 'n kredietooreenkoms tussen natuurlike persone wat in 'n familieverwantskap met mekaar staan en-
>
> (aa) interafhanklik is vanmekaar
>
> (bb) waar een van die ander afhanklik is; en
>
> (iv) enige ander situasie-
>
> (aa) waarin elke party nie onafhanklik is van die ander nie en gevolglik nie noodwendig streef om die grootste moontlike voordeel uit die transaksie te verkry nie; of
>
> (bb) wat 'n tipe is wat regtens beskou word tussen partye te wees wat nie sake op 'n armlengte-grondslag doen nie; en"

Dit is duidelik uit art 4(2)(b)(vi) van die Nasionale Kredietwet dat die wetgewer nie die bedoeling gehad het om 'n *numerus clausus* te skep nie, ten aansien van wat 'n transaksie op armlengte-grondslag sal uitmaak en wat nie. Van Zyl verwys na die saak van *Opera House (Grand Parade) Restaurant (Edms) Bpk v Cape Town*

[50] Stoop "Kritiese evaluasie van die toepassingsgebied van die 'National Credit Act'" 2008 *De Jure* bl363.
[51] Art 4(2)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

*Municipality*[52] as 'n voorbeeld waar opemark transaksies, dit wil sê 'n koop op die opemark tussen 'n gewillige koper en gewillige verkoper, gelykgestel is aan 'n transaksie wat op 'n armlengte-grondslag gesluit is.[53]

## 1.5 Kategorieë van verbruikers

Die wet onderskei tussen verskillende soorte verbruikers omrede die wet net gedeeltelik of glad nie van toepassing is op sekere klasse verbruikers nie. Wat van belang is vir hierdie studie, is dat bepaalde ooreenkomste, alhoewel dit kredietooreenkomste mag wees, uitgesluit is van die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet vanweë die aard van die verbruikers. Die wet stel regspersone, tesame met alle verwante regspersone, met 'n jaarlikse omset of batewaarde van meer as een miljoen[54] rand, die staat en staatsorgane buite die toepassingsgebied van die wet waar een van die bogenoemde verbruikers van krediet is.[55] Verder sluit die wet ooreenkomste uit waar die kredietgewer die Reserwebank is[56] of die kredietverskaffer buite die Republiek van Suid-Afrika geleë is.[57]

Die term "regspersoon" word vir doeleindes van die wet wyer uitgebrei as wat dit normaalweg betekenis het in die Suid-Afrikaanse reg. In Artikel 1 van die Wet word 'n regspersoon omskryf as 'n vennootskap, assosiasie van persone, ingelyf of nie ingelyf nie, of 'n trust indien daar drie of meer trustees is of die trustee op sigself 'n regspersoon is. 'n Stokvel word spesifiek hierby uitgesluit. 'n Stokvel word in Artikel een van die Nasionale Kredietwet omskryf as 'n formele of informele skema met vermaaklikheid-, maatskaplike of ekonomiese werksaamhede wat bestaan uit twee of meer persone in vrywillige assosiasie, elkeen van wie wedersydse ondersteuning aan die onder beloof het te bereiking van spesifieke doelwitte.

Verhoef beskryf die term "stokvel" as die oorkoepelende term wat gebruik word om informele-spaar organisasies in Suid-Afrika te beskryf: Lede van die stokvel dra maandeliks geld by tot die stokvel en die geld kan dan aangewend word deur die

[52] 1989 (2) SA 670 (C).
[53] Van Zyl in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl4-4.
[54] Art 7(1)(a) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[55] Art 4(1)(a) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[56] Art 4(1)(c) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[57] Art 4(1)(d) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

stokvel vir die voordeel van sy lede.[58] Stokvels kom veral voor onder arm swart gemeenskappe in Suid-Afrika en word gebruik om informele onderlinge sosiale sekuriteit te skep tussen die lede van die stokvel deur 'n spaarmetode te skep waardeur die lede onvoorsiene uitgawes kon betaal en ook toegang verkry tot krediet.[59] Myns insiens was die bedoeling van die wetgewer om so veel as moontlik beskerming te verskaf aan 'n stokvel, weens die belangrike sosiale rol wat dit speel en in ag genome die finansieel kwesbare lede waaruit dit gewoonlik bestaan.

Indien 'n regspersoon tesame met sy verwante regspersone 'n batewaarde of jaarlikse omset het wat minder as een miljoen Rand is, is dit 'n klein regspersoon. Hierdie tipe regspersone geniet ten beste net beperkte beskerming van die wet.[60] Groot krediet ooreenkomste wat gesluit word met hierdie tipe verbruikers sal ook heeltemal vrygestel wees van die toepassing van die wet.[61] Die verbruiker sal dus slegs ten opsigte van klein en intermediêre ooreenkomste gedeeltelike beskerming geniet. Aangesien die fokus van hierdie skripsie egter transaksies is wat geheel en al buite die Wet val, sal daar nie verder op hierdie beperkte beskerming van klein regspersone ingegaan word nie.

## 1.6 Die verbruiker se regte en die kredietverskaffer se verpligtinge

Vir elke reg wat die wet vir die verbruiker gee, plaas dit dienooreenkomstig 'n verpligting op die kredietverskaffer en die se werknemer of agent.[62] Dit is vervolgens belangrik om 'n oorsig te hê oor die tipe beskerming wat die Nasionale Kredietwet aan verbruikers verleen ten einde 'n beeld te kan hê van die beskerming wat verbruikers by kredietooreenkomste wat buite die Wet val, ontbeer.

### 1.6.1 Regte van die verbruiker

Artikel 60 van die Nasionale Kredietwet bepaal dat elke volwasse natuurlike persoon en elke regspersoon of assosiasie van persone, die reg het om aansoek te doen vir krediet. Artikel 61(1) verbied onregmatige diskriminasie teen verbruikers of

[58] Verhoef "Savings and survival in a modern African economy: informal savings organisations and poor people in South Africa" (2001) *Historia* 46(2) bl520.
[59] Verhoef "Savings and survival in a modern African economy: informal savings organisations and poor people in South Africa" (2001) *Historia* 46(2) bl522 – 525.
[60] Art 6 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[61] Art 4(1)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[62] Campbell in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl6-1.



© University of Pretoria

voornemende verbruikers op die gronde gelys in artikel 9(3) van die Grondwet en Hoofstuk 2 van die Wet op Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie.[63] Die artikel gaan voort om gevalle van verbruiker-verskaffer interaksie te lys waar diskriminasie uitdruklik verbied word. Artikel 61(5) stipuleer egter dat dit 'n kredietverskaffer vry staan om 'n evalueringsmeganisme of –model te ontwikkel wat hy kan gebruik in die bestuur, onderskrywing en prysvasstelling van kredietrisiko's, op voorwaarde dat die basis van die model nie gegrond mag wees op statistiese of ander ontleding waarvan die grondslag 'n grond van onbillike diskriminasie is wat gelys is in art 9(3) van die Grondwet nie. Die Nasionale Kredietwysigingswet 19 van 2014, wat nog nie in werking gestel is nie lei bepaalde wysigings in tot die wyse waarop kredietasessering moet geskied.[64] Regulsasies wat handel met kredietassesering is ook gedurende Augustus 2014 uitgevaardig per Staatskoerant nommer 37882 van 1 Augustus 2014.[65] Artikel 61(2) gee die verbruiker die reg om redes aan te vra hoekom die krediet, waarvoor aansoek gedoen is, afgekeur is. Artikel 63(1) voorsien die verbruiker van die reg om enige dokument wat mag nodig wees in terme van die wet, te ontvang in 'n amptelike taal wat die verbruiker kan lees of verstaan, in soverre dit redelik is om te verwag van die skepper van die dokument om dit in die gekose taal te kan voorsien. Artikel 64 vereis dat alle dokumente wat gelewer word aan 'n verbruiker, in eenvoudige en verstaanbare taal moet wees.[66] Artikel 65(1) waarborg dat die verbruiker die reg het om dokumente te ontvang op die voorgeskrewe wyse. Indien geen wyse beskryf word nie moet die dokument op die volgende metodes gelewer word:[67]

a) persoonlik die besigheidsperseel van die kredietverskaffer of enige ander plek wat aangewys is deur die verbruiker of per gewone pos;
b) per faks;
c) per e-pos; of
d) per drukbare web-werf.

Die verbruiker moet die wyse van lewering kies.[68]

[63] Wet 4 van 2000.
[64] Art 25 Nasionale Kredietwysigingswet, wet 19 van 2014.
[65] GK 597 in die Staatskoerant 37882 van 1 Augustus 2014.
[66] Standard Bank of South Africa v Dhlamini 2013 (1) SA 219 (KZD) paragraaf 47
[67] Art 65(2) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[68] Art 65(2)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

### 1.6.2 Die reg tot vertroulike behandeling van persoonlike inligting

Die reg tot vertroulik behandeling van persoonlike inligting en verbruikers se kredietrekord spruit uit deel B van hoofstuk C van die wet. Vertroulike inligting is persoonlike inligting wat aan 'n persoon behoort en nie algemeen vir ander beskikbaar of aan ander bekend is nie.[69] Artikel 68 van die Wet bepaal dat enige persoon wat ingevolge die wet, enige vertroulike inligting wat betrekking het op 'n voornemende verbruiker of verbruiker ontvang, saamstel, hou of daaroor verslag doen, moet die vertroulikheid van daardie inligting beskerm. Die inligting mag net gebruik word vir 'n geoorloofde doel en die inligting mag net gedeel word met derde partye:

a) in die mate en wyse wat dit vereis word in terme van wetgewing;

b) soos voorgeskryf deur die verbruiker;

c) op bevel van die Hof of die Nasionale Verbruikers Tribunaal.

### 1.6.3 Beskerming van verbruikerskredietregte

'n Kredietverskaffer mag nie in reaksie op 'n verbruiker wat enige reg in terme van die Wet of in 'n kredietooreenkoms uiteengesit uitoefen, daarop aanspraak maak of probeer om dit te handhaaf:

a) regstreek of onregstreeks diskrimineer teen die verbruiker nie;

b) die verbruiker penaliseer;

c) die bepalings of voorwaardes van die kredietooreenkoms aanpas of voorstel om dit aan te pas tot die nadeel van die verbruiker nie;

d) enige stappe neem om die kredietooreenkoms met die verbruiker, te versnel, af te dwing, op te skort of te beëindig nie.

### 1.6.4 Die reg om toegang tot kredietrekords en –inligting te verkry en om dit te betwis

Die wet vereis dat die Nasionale Kredietreguleerder kredietburo's registreer en reguleer.[70] Die wet skryf die vereistes voor waaraan 'n persoon moet voldoen om te

[69] Art 1 Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005.
[70] Art 43(1) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

kan registreer as kredietburo[71] asook watter gevalle 'n persoon sal diskwalifiseer om as kredietburo te registreer.[72]

Die wet skryf voor watter inligting verskaf mag word aan kredietburo's, asook wie sodanige inligting mag verskaf aan kredietburo's.[73] Sekere kredietinligting mag net vir 'n bepaalde tyd gehou word en die voorgeskrewe tydperke is reeds afgekondig deur die Minister.[74] Die kredietinligting van die verbruiker is 'n baie wye begrip en sluit bykans alle persoonlike inligting van die verbruiker in, onder andere:

- 'n persoon se kredietgeskiedenis:
  - kredietooreenkomste onderteken;
  - terugbetalingsgeskiedenis
  - of die verbruiker aan skuldhersiening onderworpe is of was.

- 'n Persoon se finansiële geskiedenis:
  - Vorige en huidige inkomste;
  - Bates en laste.

- Persoonlike inligting soos:
  - opvoeding, diens- en beroepsgeskiedenis;
  - identiteitsnommer;
  - name;
  - geboortedatum;
  - fisiese adres;
  - huwelikstatus;
  - kontakbesonderhede.

- Verdere inligting wat gehou mag word is onder andere:
  - Betalingsinligting aangaande deurlopende dienste;
  - Enige inligting wat nodig mag wees om kredietbedrog te identifiseer;

[71] Art 43(3) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[72] Art 43(4) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[73] Art 70 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005, tesame gelees met regulasie 18.
[74] Regulasie 17 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

- Inligting aangaande betalings deur die verbruiker ten tyde van sessie van die skuld.

Soos dit blyk uit die lyste hierbo, is die inligting wat kredietburo's mag hou omvattend en speel dit uiteraard 'n belangrike rol in die kredietwaardigheid van verbruikers. Dit is dus logies dat die wetgewer die verbruiker van die reg voorsien het om die akkuraatheid van die inligting wat gehou word deur kredietburo's aan te kan veg.[75] Indien die verbruiker die akkuraatheid van die inligting gehou deur die kredietburo wil betwis, moet die verbruiker kennis gee aan die kredietburo van sy of haar voorneme.[76] By ontvangs van sodanige kennisgewing moet die buro onmiddellik die inligting 'onsigbaar' maak op die verbruiker se profiel.[77] Die buro het dan twintig werksdae om te bewys dat die inligting korrek is en indien die buro nie in staat is om dit te doen nie, moet die inligting van hul rekords verwyder word.[78] Die verbruiker het die reg om ingelig te word deur 'n kredietverskaffer alvorens enige ongunstige inligting gerapporteer word aan 'n kredietburo indien die verbruiker dit versoek, 'n afskrif kry van die inligting.[79] Dit is bevestig deur ons Howe dat die verbruiker, nes enige ander party, die reg het om 'n kredietburo te nader om hom of haar te voorsien van 'n verslag wat die omvattende kredietinligting van die verbruiker bevat, vir doeleindes soos voorsien in die Nasionale Kredietwet.[80]

### 1.6.5 Die reg om 'n kredietooreenkoms nietig te verklaar

'n Verbruiker is geregtig om uit te tree uit 'n huurooreenkoms of 'n paaiementooreenkoms wat aangegaan is by enige ander plek as die geregistreerde sakeadres van die kredietverskaffer, sonder dat dit neerkom op kontrakbreuk.[81] Die verbruiker moet sy regte uitoefen binne vyf besigheidsdae nadat hy of sy dit onderteken het. Hierdie artikel staan ook bekend as die afkoelreg van die verbruiker.[82]

---

[75] Campbell in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 15-9.
[76] Art 72(3) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005 saam gelees met Regulasie 20.
[77] Art 72(5) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[78] Art 72 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[79] Art 72(1)(a) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[80] *Zokufa v Compuscan* 2011 (1) SA 272(ECM*)* paragraaf 84.
[81] Art 121 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005 vir 'n volledige bespreking sien Otto "Die afkoelreg in die Nasionale Kredietwet en die Wet op Verbruikersbeskerming" *2012 LitNet Akademies* bl25.
[82] Renke "The National Credit Act: New Parameters for the granting of credit in South-Africa" 2007 *Obiter* bl257.



© University of Pretoria

### 1.6.6 Die reg om 'n ooreenkoms te kanselleer of te vereffen

Die verbruiker of waarborggewer kan ter enige tyd, sonder kennisgewing aan die kredietverskaffer die kredietooreenkoms beëindig deur die vereffeningsbedrag ("settelement ammount") te betaal.[83] Dit staan 'n verbruiker vry om te enige tyd geld te betaal aan 'n kredietverskaffer wat hy of sy verskuldig is aan die kredietverskaffer, sonder kennisgewing of boete.[84] Die kredietverskaffer moet hierdie betaling aanvaar selfs al is die betaling prematuur, verder moet die kredietverskaffer die geld wat ontvang is eerstens aanwend om uitstaande rentes te delg, tweedens om uitstaande gelde of heffings te betaal en derdens die bedrag van die hoofskuld te verminder.[85]

### 1.6.7 Teruggawe van goedere

Indien 'n verbruiker goedere ontvang het in terme van 'n leningsooreenkoms, 'n afbetalingsooreenkoms of 'n versekerde lening, staan dit die verbruiker vry om daardie goedere terug te gee aan die kredietverskaffer.[86] Indien die kredietverskaffer nie alreeds in besit van die gefinansierde goedere is nie, kan die verbruiker kennis gee aan die kredietverskaffer dat hy van voorneme is om die goedere terug te gee en die ooreenkoms te beëindig.[87] Die kredietverskaffer moet dan die goedere laat waardeer en die verbruiker in kennis stel van die geskatte waarde daarvan.[88] In sommige gevalle kan die verbruiker sy kennisgewing onvoorwaardelik terugtrek,[89] maar indien dit nie gebeur nie, moet die goedere verkoop word en word die verbruiker se rekening gekrediteer of gedebiteer met die opbrengs van die verkope, minus redelike onkoste wat aangegaan is om die goedere te verkoop.[90]

### 1.6.8 Die reg om deel te neem aan 'n verhoor voor die Nasionale Verbruikers Tribunaal

'n Persoon wat beweer dat daar onregverdig gediskrimineer is teen hom of haar[91] of wat enige ander oortreding van die Wet beweer het 'n reg om deel te neem aan die

[83] Art 125 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[84] Art 126(1) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[85] Art 126 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[86] Campbell in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 6-15.
[87] Art 127(1)(a) – (b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[88] Art 127(2)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[89] Indien die verbruiker nie in versuim is met sy verpligtinge in terme van die kredietooreenkoms nie.
[90] Art 127 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[91] Art 61 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

verhoor voor die Tribunaal. [92] So ook mag die Nasionale Kredietreguleerder, verbruiker, voornemende verbruiker en die respondent deelneem.[93]

### 1.6.9 Die verpligtinge van die verbruiker

Die verpligtinge van die verbruiker word hoofsaaklik bepaal deur die bepalings van die ooreenkoms en die gemenereg.[94] Die verpligtinge van die verbruiker wat geskep word deur die Nasionale Kredietwet, is meestal insidenteel en gaan gereeld gepaard met die uitoefening van die verbruiker se regte in terme van die Wet.[95] Artikel 97 van die Wet plaas 'n verpligting op die verbruiker om die kredietverskaffer in te lig van enige verandering in sy/haar woon- of sake-adres of die adres van die perseel waar die goedere gehou word. Dit is belangrik om daarop te let dat die openbaringsvereistes net van toepassing is op ooreenkomste waar die eiendomsreg nog nie oorgegaan het na die verbruiker nie of waar die kredietverskaffer die reg het om die goedere terug te neem ongeag of dit besit word deur die verbruiker of 'n derde party.[96]

### 1.6.10 Reg op beperking van koste

Die Nasionale Kredietwet beperk die koste items wat 'n kredietverskaffer kan verhaal van 'n verbruiker tot:[97]

a) die hoofskuld;
b) 'n aanvangsfooi;
c) 'n periodieke diensfooi;
d) rente;
e) die koste van enige kredietversekering;
f) agterstallige administrasie fooie;
g) invorderingskoste.

Die hele hoofstuk 5 van die Regulasies van die Nasionalekredietwet word gewy aan voorskrifte ten opsigte van hoe om die bovermelde kostes te bereken sowel as die maksimum bedrae en rentekoerse wat gehef mag word in terme van die verskeie

---

[92] Art 143 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[93] *Ibid*
[94] Otto *The National Credit Act Explained* 2de uitgawe (2010) bl62.
[95] Campbell in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl6-13.
[96] Art 97(1)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[97] Van Zyl in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 10-3 tot 10-4.



© University of Pretoria

soorte kredietooreenkomste.[98] Die Minister moes met die vasstelling van die maksimum rentekoerse en fooie sekere faktore in ag neem, onder andere: die behoefte om krediet beskikbaar te stel aan histories benadeelde persone, die heersende omstandighede in die kredietmark en die sosiale impak op lae inkomste verbruikers, hierdie drie faktore sal volgens Campbell die belangrikste faktore vir oorweging wees met die vasstelling van gepaste koste van krediet.[99] Daar word later in die skripsie gefokus op wat die posisie is rakende maksimum rentekoerse wat gehef kan word in terme van kredietooreenkomste wat nie val binne die bestek van die Nasionale Kredietwet nie. Daar behoort egter kortliks gelet te word op die beskerming wat die Wet aan verbruikers verleen by wyse van artikel 103(5), soos hierna uitgewys.

### 1.6.11 *In duplum*

Kelly-Louw maak die stelling dat die *in duplum* reël gebaseer is op openbare beleid aangesien die doel daarvan is om die skuldenaar te beskerm teen uitbuiting deur die skuldeiser.[100] Die *in duplum* reël vind sy oorsprong in die Romeinsereg, dit is opgeneem in die Romeins-Hollandese reg en word erken as deel van ons reg.[101] Die doel van die reël is dat ‘n skuldenaar wat in finansiële verknorsing is nie in ‘n onuithoudbare posisie moet beland nie en dit moedig die skuldeiser aan om sy vorderingsreg op ‘n tydige wyse af te dwing.[102] Otto maak die stelling dat die *in duplum* reël beskerming verleen aan verbruikers uit hoofde van publieke beleid en waarsku dat daar nie afstand gedoen kan word van die voordele van die reël nie, dat die reël nie uitgesluit kan word by wyse van kontraktuele bedinge nie en dat die reël nie aangepas kan word deur bank gebruike nie.[103]

Die Nasionale Kredietwet het ‘n statutêre *in duplum* reël geskep, wat slegs natuurlike persoon-verbruikers beskerm, deur die reël gestipuleer in Artikel 103(5) van die Nasionale Kredietwet. Vir alle ander kredietooreenkomste, insluitend die kredietooreenkomste wat buite die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet

---

[98] Van Zyl in Scholtz et al *Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 et seq) bl 10-10.
[99] Campbell “The Excessive Cost of Credit on Small Money Loans under the National Credit Act 34 of 2005” (2007) *South-African Mercantile Law Journal* bl 255
[100] Kelly-Louw “Better Consumer Protection Under the Statutory In Duplum Rule” 2009 *South African Mercantile Law Journal* bl 340.
[101] Campbell in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq)* bl6-16.
[102] Campbell in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl6-16.
[103] Otto “The National Credit Act: Default notices and debt review; the ultra duplum rule” *THRHR* bl136



© University of Pretoria

val, sal die gemeenregtelike *in duplum* reël geld.[104] Die basiese beginsel van die *in duplum* reël is dat sodra agterstallige rente oploop tot 'n bedrag gelyk aan die uitstaande kapitaal van 'n lening, mag die kredietverskaffer nie meer rente hef nie, soos die skuldenaar weer begin betaal en die agterstallige rente raak minder as die uitstaande kapitale bedrag, mag die kredietverskaffer weer begin om rente te hef. Die groot verskil tussen die gemeenregtelike *in duplum* reël en die statutêre *in duplum* reël is dat in die laasgenoemde se geval sal die uitstaande bedrag wat oorweeg word vir *in duplum*, bo en behalwe die kapitale bedrag, nie net saamgestel wees uit rente nie, maar uit al die toelaatbare kostes soos gemeld in paragraaf 1.6.10 *supra*.[105] 'n Volledige gesprek van die *in duplum* reël val buite die trefwydte van hierdie skripsie.

## 1.7 Regte van die kredietverskaffer

### 1.7.1 Die reg om 'n kredietooreenkoms af te dwing

Die kredietverskaffer het die reg om 'n kredietooreenkoms af te dwing en om betaling te ontvang ingevolge die ooreenkoms en om die ooreenkoms te kanselleer en die goedere terug te eis. Artikels 123(1) en 129 ot 131 beperk egter hierdie regte en skryf voor hoe die kredietverskaffer te werk moet gaan om die ooreenkoms af te dwing.[106]

### 1.7.2 Die reg om 'n kredietfasiliteit op te skort

Die kredietverskaffer het 'n reg om 'n kredietfasiliteit op te skort. Die kredietverskaffer moet die verbruiker egter ten minste 10 dae voor die opskorting in werking tree, kennis gee van sy voorneme.[107]

### 1.7.3 Vergoeding vir kredietverskaffers

Indien 'n kredietverskaffer onsuksesvol was in sy pogings om 'n geskil oor die koste van die beslaglegging van eiendom ingevolge artikels 129 tot 131 regstreeks met die

---

[104] Kelly-Louw "Better Consumer Protection Under the Statutory In Duplum Rule" 2009 *South African Mercantile Law Journal* bl 341 tot 342.
[105] Kelly-Louw "Better Consumer Protection Under the Statutory In Duplum Rule" 2009 *South African Mercantile Law Journal* bl 344 tot 345.
[106] Vir 'n volledige bespreking sien van Heerden in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Edition 6 (2014e *et seq*) Hoofstuk 12.
[107] Art 123(3) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

verbruiker en met behulp van alternatiewe geskilbeslegting kragtens Deel A van Hoofstuk 7, te besleg, mag by die hof aansoek doen dat die hof koste toestaan teen die verbruiker wat meer is as wat toegelaat word in terme van artikel 131.[108]

### 1.7.4 Verpligtinge van die kredietverskaffer

Soos hierbo beskryf in paragraaf 1.6 skep elke reg van 'n verbruiker 'n dienooreenkomstige plig vir die kredietverskaffer. 'n Paar van die belangrikste verpligtinge van die kredietverskaffer sal vervolgens uitgelig word.

### 1.7.5 Registrasie van 'n kredietverskaffer

Voor die Nasionale Krediet Wysigingswet in werking getree het moes 'n persoon aansoek doen om geregistreer te word as 'n krediet verskaffer indien daardie persoon op sy eie of tesame met enige geassosieerde persoon die kredietverskaffer is kragtens ten minste 100 kredietooreenkomste, insidentele kredietooreenkomste uitgesluit, of indien alle uitstaande kredietooreenkomste se skuld, uitgesluit insidentele kredietooreenkomste R500 000-00 oorskry.[109] Die Nasionale Krediet Wysigingswet het Artikel 40(1)(a) van die Nasionale Kredietwet, wat vereis het dat 'n persoon wat op sy eie of tesame met enige geassosieerde persoon die kredietverskaffer is kragtens ten minste 100 kredietooreenkomste moes registreer as kredietverskaffer, geskrap.[110]

### 1.7.6 Voorooreenkomsopenbaarmaking

Die Nasionalekredietwet skryf voor dat alvorens 'n kredietverskaffer 'n kredietooreenkoms kan aangaan met 'n verbruiker, moet die kredietverskaffer die verbruiker voorsien van 'n voorooreenkomsverklaring en –kwotasie. Die wet skryf die vorm en inhoud van die voorooreenkomsverklaring en –kwotasie voor na gelang die grootte van die ooreenkoms.[111]

### 1.7.7 Verpligte bekostigbaarheidsondersoek

Die Nasionale Kredietwet vereis dat 'n kredietverskaffer 'n bekostigbaarheidsondersoek doen alvorens 'n kredietooreenkoms gesluit word met

---

[108] Art 132 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[109] Art 40(1) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[110] Art 10 Nasionale Kredietwysigingswet, wet 19 van 2014.
[111] Art 92 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

'n voornemende verbruiker.[112] Hierdie bepaling is in lyn met die oogmerk van die wet om roekelose krediet te voorkom. Indien die kredietverskaffer nie die vereiste nakom wat gestel word ten aansien van 'n bekostigbaarheidsondersoek nie, mag dit neerkom op die toestaan van roekelose krediet wat verreikende gevolge het vir die kredietverskaffer se ooreenkoms met die verbruiker.[113] Indien 'n Hof 'n kredietooreenkoms roekeloos verklaar ingevolge Artikel 80(1)(a) of 80(1)(b)(i) van die Nasionale Kredietwet, kan die Hof 'n bevel maak wat al die regte en verpligtinge van die verbruiker ten aansien van daardie spesifieke kredietooreenkoms of die hof kan die effek of werking van daardie kredietooreenkoms opskort.[114]

Ingevolge die Nasionale Kredietwysigingswet, wat Artikel 83 van die Nasionale Kredietwet wysig, geniet die Nasionale Verbruikerstribunaal nou ook die bevoegdheid om 'n kredietooreenkoms as roekeloos te verklaar.[115]

### 1.7.8 Die verpligting om 'n verbruiker te voorsien van 'n afskrif van die ooreenkoms

Die kredietverskaffer moet sonder koste aan die verbruiker, 'n afskrif van die dokument wat hul kredietooreenkoms uitmaak, lewer in of 'n papier of elektroniese drukbare formaat.[116] Binne die eerste jaar na sluiting van die ooreenkoms kan die verbruiker die kredietverskaffer versoek vir 'n vervangende afskrif, sonder koste vir die verbruiker.[117] Enige afskrifte wat daarna versoek word deur die verbruiker mag die kredietverskaffer 'n redelike soek- en skeppingsgelde hef.[118]

### 1.7.9 Die verpligtinge van pandhouers

Die pandhouer moet die datum stipuleer wanneer die pandtransaksie tot 'n einde kom en die pandhouer moet die eiendom wat gelewer word as pand, neem en in sy besit hou op sy risiko tot die pandtransaksie tot 'n einde kom.[119] Indien die verbruiker die vereffeningswaarde kragtens die ooreenkoms betaal of die geld aanbied wat

---

[112] Art 81(2) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[113] Art 80(1) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[114] Van Heerden in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl11-86 tot 11-87.
[115] Art 25 van die Nasionale Kredietwysigingswet , wet 19 van 2014 saam gelees met Van Heerden in Scholtz et al *Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 et seq) bl11-86 tot 11-91.
[116] Art 65(1)-(3) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[117] Art 65(4)(a) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[118] Art 65(4)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[119] Art 99(1)(a)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

nodig is om te betaal, te eniger tyd tot en met die datum waarop die ooreenkoms eindig, moet die pandhouer die pandeiendom teruggee aan die verbruiker.[120]

Indien die pandhouer nie die pandeiendom kan terugbesorg aan die pandgewer nie, vir redes buite die beheer van die pandhouer, moet die pandhouer aan die verbruiker die regverdige markwaarde van die pandeiendom uitbetaal, minus die vereffeningswaarde ten tyde van die versuim om daardie eiendom te lewer.[121] Indien die rede vir die versuim om die eiendom terug te gee aan die verbruiker, weens die opsetlike of nalatige optrede van die pandhouer is, moet die pandhouer dubbel die billike markwaarde van die pandeiendom aan die verbruiker betaal, minus die vereffeningswaarde ten tyde van die versuim om die pandeiendom te lewer.[122]

Die Nasionale Kredietwet is net gedeeltelik van toepassing op pandtransaksies. Sommige bepalings, soos byvoorbeeld die bepalings met betrekking tot roekelose krediet in Artikel 78(2)(d) en onregmatige ooreenkomste in Artikel 89(1), is nie van toepassing op hierdie tipe kredietooreenkoms nie.[123]

### 1.7.10 Die verpligting om kennis te gee in terme van artikel 129(1)(a)

Voordat 'n kredietverskaffer ingevolge die Nasionale Kredietwet 'n kredietooreenkoms by wyse van regsprosesse kan afdwing moet hy eers aan die verbruiker 'n kennisgewing in terme van Artikel 129(1)(a) aflewer.[124]

Artikel 129(1)(a) van die Nasionale Kredietwet bepaal dat:

(1) "Indien die verbruiker aan wanbetaling kragtens 'n kredietooreenkoms skuldig is-

(a) Kan die kredietverskaffer die wanbetaling skriftelik onder die verbruiker se aandag bring en voorstel dat die verbruiker die kredietooreenkoms na 'n skuldberader, alternatiewegeskilbeslegtingagent, verbruikershof of ombud met jurisdiksie verwys, met die oog daarop dat die partye enige geskil kragtens die ooreenkoms besleg of 'n plan opstel en daarin ooreenkom oor hoe die betalings kragtens die ooreenkoms aangesuiwer kan word"

In die saak van *Nedbank Bpk v Die Nasionale Krediet Reguleerder* [125] is beslis dat die doel van die Artikel 129(1)(a) kennisgewing is om 'n dispuut op te klaar of om 'n

---

[120] Art 99(1)(c) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[121] Art 99(2)(a) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[122] Art 99(2)(b) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[123] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) p8-4(1).
[124] Art 129(1)(a) saamgelees met Art 129(1)(b) en Art 130(1).



© University of Pretoria

plan te ontwikkel waartoe die partye kan toestem om skuld afdwinging te verhoed. Dit het te doen met slegs ‘n enkele ooreenkoms en stel ten doel om ‘n konsensuele oplossing te vind vir daardie ooreenkoms. Dit behels nie algemene skuld herstrukturering nie en die doel is nie om Artikel 86 skuldhersiening te fasiliteer nie.
126

Die woord “mag” in artikel 129(1)(a) is misleidend deurdat dit blyk asof die kredietverskaffer ‘n opsie het om die kennisgewing te stuur, maar saamgelees met artikel 129(1)(b) en 130(1) is dit duidelik verpligtend. Voldoening aan die vereiste van Artikel 129(1)(a) kan gesien word as ‘n “poort” tot skuldafdwingings litigasie.[127] Die aflewering van die Artikel 129(1)(a) kennisgewing, blyk ‘n verpligte prosedurele stap te wees wat geskep is deur die wetgewer en het daarmee ‘n nuwe voor-litigasie stap daargestel vir die afdwinging proses.[128] Dit is deur ons Howe bevestig dat kennisgewing in terme van Artikel 129(1)(a) van die Nasionale Kredietwet, deel vorm van die skuldeiser se eisoorsaak.[129] Daar is vele uitsprake wat handel oor die wyse van kennisgewing van die Artikel 129(1)(a) maar die nuutste is dié van *Kubyana v Standard Bank of South Africa*[130] wat die wyse van kennisgewing voorskryf en dan ook die nuwe konsep van ‘n “redelike verbruiker” skep. Die kredietverskaffer moet bewys dat die Artikel 129(1)(a) kennisgewing per geregistreerde pos gestuur is, dat die poskantoor ‘n kennisgewing gestuur het aan die verbruiker wat aandui dat die geregistreerde pos item beskikbaar was om afgehaal te word, dat die kennisgewing die verbruiker bereik het, wat afgelei kan word deurdat dit na die korrekte posadres gestuur is en dat ‘n redelike verbruiker die pos item sou afgehaal het by die poskantoor. Die Hof het die konsep van ‘n ‘redelike verbruiker’ vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse kredietreg te voorskyn gebring. Die onus skuif nou na die verbruiker om die Hof te oortuig hoekom die Artikel 129(1)(a) kennisgewing nie tot sy kennis gekom het nie.[131]

---

[125] 2011 ZASCA 356.
[126] Nedbank Bpk v Die Nasionale Krediet Reguleerder 2011 ZASCA 356 paragraaf 9.
[127] Van Heerden in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 12-10.
[128] Van Heerden in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 12-9 tot 12-10.
[129] *Sebola & Another v Standard Bank of South Africa LTD & Another* 2012 (5) SA 142 (CC) paragraaf 72.
[130] 2014 (4) BCLR 400 (CC) para 54.
[131] Otto in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) bl 12-29.



© University of Pretoria

Hierdie skripsie poog nie om die Artikel 129 kennisgewingsvereistes in diepte te ondersoek nie maar bloot die kredietverskaffer se plig om sodanige kennisgewing voor skuldafdwinging te stuur, uit te lig.

### 1.7.11 Die verpligting om dokumentasie en rekords te hou

‘n Kredietverskaffer moet, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm en vir die voorgeskrewe tydperk, rekords in stand hou van alle aansoeke om krediet, kredietooreenkomste en kredietrekeninge.[132] Regulasie 55 van die Wet vereis verdere inligting wat die kredietverskaffer moet hou ten opsigte van geregistreerde aktiwiteite.

### 1.7.12 Die verpligting om rekeningstate te lewer

Die kredietverskaffer moet aanbied om aan elke verbruiker periodieke rekeningstate te lewer.[133] ‘n Kredietverskaffer moet vir verbandooreenkomste ten minste elke ses maande ‘n staat lewer, vir paaiement, huur of versekerde lenings ten minste elke twee maande en vir alle ander soort ooreenkomste ten minste elke maand.[134]

## 1.8 Gevolgtrekking

Alhoewel die Nasionale Kredietwet in die doelstellings in artikel 3 daarvan dit duidelik stel dat dit poog om ‘n balans te tref tussen die belange van verbruikers en kredietverskaffers is dit ook duidelik dat die Wet omvattend poog om die kwesbaarste lede van die Suid-Afrikaanse samelewing te beskerm teen potensiële uitbuitery deur kredietverskaffers, maar ook uiteindelik om die verbruiker teen homself te beskerm en die kredietindustrie tot verantwoording te bring vir die probleme van roekelose krediet en oorverskuldigheid.

Soos blyk uit die uiteensetting van die partye se regte en verpligtinge hierbo beskerm die Nasionale Kredietwet verbruikers op verskeie uiteenlopende maniere, op verskillende stadiums van die verbruiker en kredietverskaffer se interaksie. Voor die verbruiker die krediet opneem moet die kredietverskaffer byvoorbeeld ‘n bekostigbaarheidsondersoek doen om vas te stel of die verbruiker die krediet kan bekostig waarvoor aansoek gedoen word en as die verbruiker dit kan bekostig moet

[132] Art 170 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[133] Art 108(1) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[134] Art 108(2)(a)(b)(c) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.



© University of Pretoria

die kredietverskaffer die verbruiker voorsien van 'n voorooreenkomsverklaring en – kwotasie om die verbruiker in staat te stel om die totale koste van die krediet te oorweeg. Alvorens dit alles gebeur skryf die Nasionale Kredietwet ook advertensie standaarde voor vir kredietverskaffers wat die voorstelling wat hulle aan die publiek maak gereguleer word.[135] As daar eers 'n kredietooreenkoms aangegaan is tussen die verbruiker en die kredietverskaffer, is daar 'n verdere stel regte en verpligtinge wat van toepassing is op die kredietooreenkoms, byvoorbeeld die maksimum rentekoerse wat gehef mag word deur die kredietverskaffer ten aansien van die spesifieke kredietooreenkoms. Die Nasionale Kredietwet het ook 'n invloed as die kredietooreenkoms tot 'n einde kom: byvoorbeeld, as die verbruiker die kredietooreenkoms beëindig deur die goedere wat ontvang is in terme van die kredietooreenkoms teruggee word, beskryf die Nasionale Kredietwet in artikel 127 hoe die kredietverskaffer die eiendom wat teruggegee is moet hanteer. 'n Belangrike vorm van beskerming wat die Nasionale Kredietwet vir verbruikers skep is uiteraard ook die omvattende prosedurele beskerming wat aan die verbruiker gegee word in die konteks van skuldafdwinging – byvoorbeeld die vereiste dat 'n artikel 129 kennisgewing eers aan die verbruiker gelewer moet word en die voorskrifte wat artikel 130 daarstel insake die vereistes wat nagekom moet word voordat 'n hof genader mag word ter afdwinging van 'n kredietooreenkoms wat binne die toepassingsgebied van die Wet val.

Kredietwetgewing is gesentraliseer en grootliks uitgebrei, soms ten koste van regsekerheid, met die inwerkingtreding van die Nasionale Kredietwet. Regte en verpligtinge word wedersyds toegeken aan verbruikers en kredietverskaffers in 'n poging om 'n gelyke bedingingsveld daar te stel tussen die betrokke partye. Die basiese beginsel bly dat die Nasionale Kredietwet van toepassing sal wees op alle kredietransaksies wat gesluit word binne die Republiek van Suid-Afrika, tussen partye wat op 'n armlengte-grondslag sake doen. Dit het egter duidelik geraak dat daar uitsonderings bestaan en dat vele ooreenkomste, alhoewel dit kwalifiseer as kredietooreenkomste vir doeleindes van die Nasionale Kredietwet en op die oog af blyk binne die bestek van die Nasionale Kredietwet te val, nie binne die Nasionale

[135] Vir 'n volledige bespreking van advertensie- en bemarkingstandaarde sien Campbell in Scholtz *et al Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 *et seq*) Hoofstuk 7.



© University of Pretoria

Kredietwet se toepassingsveld val nie en deur die kontrakte- en gemenereg beheers word.

Waar ‘n kredietooreenkoms buite die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet val het die verbruiker uiteraard nie die omvattende regsbeskerming wat die Wet andersins aan verbruikers daarstel nie. Die vraag kan dus gevra word op watter beskerming verbruikers ten aansien van kredietooreenkomste wat buite die toepassinggebied van die Wet val sal kan aanspraak maak. Gegewe die beperkte omvang van hierdie mini-skripsie sal daar op slegs twee aspekte van hierdie vraag gekomnsentreer word: daar sal oorsigtelik gekyk word na die posisie van borge ten aansien van kredietooreenkomste wat buite die Nasionale Kredietwet val asook die posisie ten aansien van die rente wat gehef kan word ten aansien van sodanige ooreenkomste.



© University of Pretoria

**Hoofstuk 2 Die posisie van kredietooreenkomste wat buite die bestek van die Nasionale Kredietwet val**

## 2.1 Inleiding

Dis duidelik uit hoofde van die vorige hoofstuk dat die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is op alle kredietooreenkomste nie en indien dit wel van toepassing is, is alle beskerming wat die Wet bied vir verbruikers, nie altyd beskikbaar of van toepassing nie, afhangende van die klas verbruiker en of soort lening. In hierdie hoofstuk gaan ondersoek ingestel word na bepaalde probleme wat mag ontstaan ten aansien van kredietooreenkomste wat buite die Nasionale Kredietwet se toepassingsgebied val. Sekere aspekte van die verbruiker se posisie by borgkontrakte asook die heffing van rente by kredietooreenkomste wat buite die Wet val sal ondersoek word.

### 2.2.1 Borgkontrakte

Eerstens moet vasgestel word of 'n gemeenregtelike borgkontrak binne die definisie van 'n kredietwaarborg in terme van die Wet tuisgebring kan word. Die Romeinse reg en Romeins-Hollandse gemenereg het geen formaliteitsvereistes daar gestel vir 'n borgkontrak nie.[136] Derhalwe was dit nie nodig vir 'n borgkontrak om 'n sekere vorm aan te neem of om eers op skrif gestel hoef te word nie. Wetgewing het egter hierdie posisie verander en vandag word dit gereguleer deur Artikel 6 van die Algemene Regswysigingswet.[137] In terme van Artikel 6 moet 'n borgkontrak nou op skrif gestel wees en geteken wees deur die borg of namens die borg om afdwingbaar te wees in die Suid-Afrikaanse reg.

Die wet omskryf nie wat 'n borgstelling is nie, maar Forsyth en Pretorius het die volgende definisie geformuleer:

> "accessory contract by which a person (the surety) undertakes to the creditor of another (the principal debtor), primarily that the principal debtor, who remains bound, will perform his obligation to the creditor and, secondarily, that if and so far as

[136] Thomas *Textbook of Roman Law* 2de uitgawe (1981) bl335.
[137] Wet 50 van 1956.



© University of Pretoria

> the principal debtor fails to do so, the surety will perform it or, failing that, idemnify the creditor."[138]

Bovermelde definisie bepaal basies dat 'n borgstelling 'n aksessore kontrak is in terme waarvan die borg onderneem om die hoofskuldenaar se verpligtinge na te kom teenoor die skuldeiser, indien die skuldenaar nie sy verpligtinge teenoor die skuldeiser sou nakom nie. Hierdie definisie is ondersteun deur die destydse Appèl Afdeling[139] en die Konstitusionele Hof.[140]

### 2.2.2 Borgkontrakte en die Nasionale Kredietwet

Daar behoort kennis geneem te word van Artikel 4(2)(c) van die Nasionale Kredietwet wat bepaal dat die Wet van toepassing sal wees op 'n kredietwaarborg net tot die mate wat die Wet van toepassing is op die onderliggende kredietfasiliteit of –transaksie. Derhalwe indien die Wet nie van toepassing is op die onderliggende transaksie, of primêre skuld nie, sal die Wet nie van toepassing wees op die waarborg nie. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat die Wet verwys na aksessore of sekondêre kredietwaarborge soos borgkontrakte, aangesien daar 'n duidelike verwysing is na primêre skuld van die onderliggende ooreenkoms. Wat die afleiding verder versterk is dat aksessore of sekondêre waarborge gewoonlik onderworpe is aan dieselfde substantiewe reg en jurisdiksie as die van die onderliggende transaksie en Artikel 4(2)(c) maak dit duidelik dat die Wet net van toepassing sal wees op die kredietwaarborg in dieselfde mate as wat dit van toepassing is op die primêre of onderliggende transaksie.[141] Dit wil hieruit voorkom of die definisie van 'n "krediet waarborg" in die wet voorsiening maak daarvoor om 'n borgooreenkoms in te sluit deur te verwys na 'n ander persoon se verpligtinge.[142]

## 2.3 Die posisie van die borge wat hulself verbind aan ooreenkomste wat buite die wet val

[138] Forsyth *Caney's Law of Suretyship in South Africa* 5de uitgawe(2002) bl27-28.
[139] *Nedbank Ltd v Van Zyl* 1990 2 SA 469 (A) 473I.
[140] *Basil Read (Pty) Ltd v Beta Hotels (Pty) Ltd* 2001 2 SA 760 (C) 766F.
[141] Stoop "The National Credit Act Regarding Suretyships and Reckless Credit" *Potchefstroom Elektroniese Regsjoernaal (PER)* 2011 (14)2 bl79.
[142] Stoop "The National Credit Act Regarding Suretyships and Reckless Credit" *Potchefstroom Elektroniese Regsjoernaal (PER)* 2011 (14)2 bl80.



© University of Pretoria

Hierdie situasie is veral problematies, aangesien natuurlike persone of ander entiteite wat gewoonlik die volle beskerming van die Nasionale Kredietwet sou geniet het, hulself in die posisie kan vind waar hulle sonder hierdie regte is aangesien die primêre kredietooreenkoms waartoe hulle hulself verbind het as borg, nie binne die bestek van die Nasionale Kredietwet val nie, of die Wet ten minste net beperkte toepassing het. Die mate waarin verbruikers beskerm word deur die Nasionale Kredietwet is hierbo in paragraaf 1.5 kortliks bespreek. Byvoorbeeld, ‘n natuurlike persoon wat homself verbind as ‘n borg tot ‘n verbandooreenkoms (wat outomaties geag word ‘n groot ooreenkoms te wees vir doeleindes van die Wet)[143] sal glad nie die beskerming van die Nasionale Kredietwet geniet nie, aangesien die onderliggende transaksie nie binne die bestek van die Nasionale Kredietwet val nie. Daarteenoor as ‘n regspersoon, ongeag of dit ‘n groot of klein regspersoon is, borg staan vir ‘n lening wat gesluit is met ‘n natuurlike persoon, sou dit geregtig wees om al die verwere te opper wat die natuurlike persoon sal kan in terme van die onderliggende kredietooreenkoms. Die vraag kan gevra word of hierdie onderskeid wat die Nasionale Kredietwet tans tref Grondwetlik is en versoenbaar is met die Grondwet se gelykheidsklousule, soos gevind in Artikel 9(1) van die Grondwet.[144] Hierdie argument is gevoer in die saak van *Standard Bank of South Africa v Hunkydory Investments 194 (Pty) Ltd en ‘n Andere*.[145] In hierdie saak het Standard Bank aansoek gedoen om summiere vonnis teen die eerste respondent, ‘n maatskappy, wat die agterstallige skuldenaar was en die tweede verweerder wat borg gestaan het. Die skuldeiser het versoek dat die beswaarde eiendom uitwinbaar verklaar word vir die uitstaande skuld.[146] Soos vermeld in die bostaande paragraaf word hierdie tipe transaksie uitgesluit van die toepassingsgebied van die Nasionale Kredietwet, maar die skuldenaar en die borg het die aansoek teengestaan op onder andere die grond dat die bepalings van Artikel 4(1) en 4(2) van die Nasionale Kredietwet ongrondwetlik is in soverre beskerming net aan die borg verleen word in die mate wat die Nasionale Kredietwet van toepassing is op die onderliggende

[143] Art 9(4)(a) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
[144] Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996.
[145] (No 1) 2010 (1) SA 627 (C).
[146] *Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 1.



© University of Pretoria

kredietooreenkoms.[147] Derhalwe het die respondent geargumenteer dat die Applikant die afdwingingsproses moes volg in terme van die Nasionale Kredietwet, dit wil sê, die Applikant moes eerstens 'n artikel 129(1)(a) kennisgewing gestuur het alvorens daar gedagvaar kon word, of in alternatief dat dit ongrondwetlik was om 'n natuurlike persoon te beskerm maar dieselfde beskerming nie toe te staan aan 'n regspersoon nie.[148] Die hof het oorweeg of die bepalings van die Nasionale Kredietwet onderskeid getref het tussen verskillende persone of kategorieë persone.[149] Die hof het vervolgens uitgewys dat diskriminasie op sigself nie noodwendig neerkom op onregverdige diskriminasie nie en dat dit gereverdig mag wees indien daar 'n waardige sosiale doelwit is wat bevorder word.[150] Die hof het verder uitgewys dat die impak van die diskriminasie op die klaer die deurslaggewende faktor is om te bepaal of die diskriminasie onregverdig is.[151] Die hof het ook oorweging geskenk aan die doelstellings van die Nasionale Kredietwet en het beslis dat die hoofdoel was om te voorkom dat roekelose krediet toegestaan word aan diegene wat dit nie kan bekostig nie.[152] Die hof was oortuig dat daar 'n rasionele verband is tussen die onderskeid wat getref word in Artikel 4 van die Nasionale Kredietwet en rasionele regerings doelwit wat bevorder is deur die promulgasie van die Nasionale Kredietwet.[153] In hierdie geval was die Hof nie oortuig dat indien daar onderskeid getref word of gediskrimineer word in terme van die Nasionale Kredietwet of dat dit neerkom op onregverdige diskriminasie nie of dat daar inbraak gemaak sal word op die verweerders se Grondwetlike regte indien die aansoek toegestaan word nie.[154]

---

[147] *Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 5.2.
[148] *Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 15 en 16.
[149] *Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 13.
[150] *Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 24.
[151] *Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 24.
[152] Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 *Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 20.
[153] Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 *Ltd and Another* (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 25.
[154] Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 25 tot 26.



© University of Pretoria

Ek skaar my by die beslissing van die agbare Hof dat indien bepalings van wetgewing geïnterpreteer word, die bepalings doelmatig geskep is en nie oorbodig sal wees nie.[155] Wat myns insiens nie buite die oog gelaat moet word by die interpretasie van Artikel 4 van die Nasionale Kredietwet nie, is dat dit die beskerming van sekere klasse verbruikers inderdaad uitbrei, byvoorbeeld waar ’n groot regspersoon vir doeleindes van die Nasionale Kredietwet, borg staan vir ‘n verbandooreenkoms gesluit met ‘n natuurlike persoon. Die regspersoon geniet nou meer beskerming, weliswaar nie soveel as ‘n natuurlike persoon lener nie, as wat dit sou geniet het indien die kredietooreenkoms gesluit was met die regspersoon self. Dit is belangrik om kennis te neem dat ‘n aansoek om verlof tot Appèl in *Standard Bank of South Africa v Hunkydory Investments 194 (Pty) Ltd en ‘n Andere* deur die *hof a quo* geweier is, welke weiering bevestig is deur die Hoogste Hof van Appèl en daarna ook deur die Konstitusionele Hof. Beide howe se rede was dat daar geen redelike vooruitsig van sukses was nie.[156] Dit blyk dus of die howe finaliteit bereik het omtrent die Grondwetlikheid van Artikel 4 van die Nasionale Kredietwet, in soverre dit betrekking het op die gelyke behandeling van regspersone.

## 2.4 ‘n Samevatting van gevalle waar ‘n natuurlike persoon wat borg gestaan het vir ‘n ander, volle, beperkte of geen beskerming sal hê

### 2.4.1 Volle beskerming

‘n Natuurlike persoon wat borg gestaan het vir vir ‘n kredietfasiliteit of kredittransaksie, wat val binne die bestek van die Nasionale Kredietwet, sal die volle beskerming van die Nasionale Kredietwet geniet, ongeag die bedrag wat geleen of voorgeskiet is, as die onderliggende ooreenkoms gesluit is met ‘n natuurlike persoon; Stokvelverbruiker; en ‘n trustverbruiker wat oor nie meer as twee trustees beskik nie.[157]

### 2.4.2 Beperkte beskerming

‘n Natuurlike persoon wat borg gestaan het ten aansien van ‘n klein of middelslag kredietfasiliteit of kredittransaksie, wat val binne die bestek van die Nasionale

[155] Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another (No 1) 2010 (1) SA 627 (C), paragraaf 25.
[156] *Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 188 (Edms) Bpk en 2 Andere* paragraaf 3.
[157] Kelly-louw “Should All Natural Persons Standing Surety Be Protected by the National Credit Act 34 of 2005” (2012) 24 *SA Mercantile Law Journal* bl 315.



© University of Pretoria

Kredietwet, wat gesluit is met ‘n klein regspersoon, sal slegs beperkte beskerming hê in terme van die Nasionale Kredietwet, byvoorbeeld, die borg kan nie beweer dat die hoofskuld of die borgskap neerkom op roekelose krediet nie.[158]

### 2.4.3 Geen beskerming

‘n Natuurlike persoon wat borg staan ten aansien van ‘n groot kredietooreenkoms, wat binne die bestek van die Nasionale Kredietwet val, wat gesluit is met ‘n klein regspersoon, sal geen beskerming hê in terme van die Nasionale Kredietwet nie want die onderliggende transaksie sal uitgesluit wees van die bepalings van artikel 4(1)(b) van die Nasionale Kredietwet.

‘n Natuurlike persoon wat borg staan vir ‘n kredietfasiliteit of kredietransaksie, wat binne die bestek van die Nasionale Kredietwet val, wat gesluit is met ‘n klein regspersoon, sal geen beskerming hê in terme van die Nasionale Kredietwet nie want die onderliggende transaksie sal uitgesluit wees van die bepalings van artikel 4(1)(a)(ii) van die Nasionale Kredietwet.

‘n Stokvel en trustverbruiker waar daar nie meer as twee individuele trustees is nie word nie beskou as regspersone vir doeleindes van die Nasionale Kredietwet nie, maar hul sal beide behandel word asof hulle natuurlike persoon verbruikers is en dieselfde beskerming geniet as wat natuurlike persone geniet in die bovermelde scenario’s.[159]

## 2.5 Maksimum rentekoerse, Mores en die gemenereg: *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours CC en drie Andere*[160]

### 2.5.1 Inleiding

In die bogenoemde saak van *African Dawn Property Finance* is die uitspraak van Ponnan AR, wat my aanbetref, ‘n uitstekende samevatting van die posisie van kredietooreenkomste, tesame met hul ondergeskikte borgooreenkomste, wat buite die bestek van die Nasionale Kredietwet val.

[158] Kelly-louw “Should All Natural Persons Standing Surety Be Protected by the National Credit Act 34 of 2005” (2012) 24 *SA Mercantile Law Journal* bl 315.
[159] Kelly-louw “Should All Natural Persons Standing Surety Be Protected by the National Credit Act 34 of 2005” (2012) 24 *SA Mercantile Law Journal* bl 315.
[160] BK (2011) ZASCA 45.



© University of Pretoria

## 2.5.2 Feite

Die feite in hierdie saak is as volg:[161] Die tweede respondent, Mnr Ismael Hassen Amod (Amod) was die enigste lid van die eerste respondent, Dreams Travel and Tours BK (die BK). Hy het gedurende 2008 verskeie geregistreerde banke genader om sogenaamde "oorbruggingsfinansiering" te bekom vir die eerste respondent, welke aansoeke skynbaar afgekeur is weens die "huidige ekonomiese klimaat". Daarna het hy 'n privaat finansierder genaamd Gateway Capital Ltd (Gateway) genader vir 'n lening van R5 miljoen. Gateway het die aansoek afgekeur maar met die goedkeuring van Amod die aansoek verwys na die Appellant, African Dawn Property Transfer Finance 2 (Edms) Bpk (African Dawn). African Dawn is 'n geregistreerde kredietverskaffer en volgens dié se direkteur, Pierre Bezuidenhout, (Bezuidenhout) is die Appellant se hoofbesigheid korttermyn gesekureerde finansiering wat oorbruggingsfinansiering insluit. Bezuidenhout het die Hof meegedeel dat Amod in die gesprek rondom die aansoek om krediet hom ingelig het dat die geld benodig was om 'n vrag handelsmerkdenims in te voer. Die vraag na die denims was seisoenaal en dus het hul die fondse dringend benodig, die geld sou benodig word vir 'n termyn van drie tot vier maande. Amod het verskeie eiendomme aangebied as sekuriteit vir die lening, insluitend sy eie residensiële eiendom en sekere trust eiendomme. Die betrokke trust is die Ismail Amod Family Trust waarvan Amod se kinders begunstigdes was. Op 17 Junie 2008 het die BK en African Dawn 'n leningsooreenkoms aangegaan vir die bedrag van R5 miljoen tesame met seker koste, teen 'n koers van 5% per maand. Sou die lener egter nie die betaling stiptelik nakom nie, sou 'n koers van 6,5% per maand rente gehef word. Twee van die Trust se eiendomme is beswaar met verbande ten gunste van African Dawn om te dien as sekuriteit van die lening. Die verpligtinge van die BK is gesekureer deur 'n onbeperkte borgstelling van Amod en 'n beperkte borgstelling van die Trust. Ingevolge die borgooreenkomste is Amod en die Trust gebind as borg en medehoofskuldenaar *in solidium* vir die BK se verpligtinge in terme van die lening. Die BK het substansiële betalings gemaak aan African Dawn, maar die betalings was gereeld laat, met die gevolg dat die hoër strafrentekoers later gehef is. Op 26 Junie 2009 het die Respondent die Hof genader om 'n bevel, wat die ooreenkoms of in die alternatief paragraaf 4.1 to 4.3 en 6.1 daarvan onregmatig en teen die

[161] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 2-14.



© University of Pretoria

openbare beleid te verklaar. Alternatiewelik tot die eerste bede is die Hof versoek dat die rente wat betaalbaar was op alle uitstaande bedrae wat voortspruit uit die leningsooreenkoms gehef moes word teen 'n jaarlikse rentekoers van 15,5% of alternatiewelik die hoogste rentekoers wat toelaatbaar sou wees in terme van die Nasionale Kredietwet.

Amod het 'n beëdigde verklaring afgelê ter ondersteuning van die aansoek waarin hy onder andere aangevoer het dat:

- Die ooreenkoms neergekom het op woeker.
- Die rentekoers wat ooreengekom is in die leningsooreenkoms die maksimum voorgestelde koerse van die Nasionale Kredietwet oorskry het.
- Hy het beweer dat ingevolge die gemenereg die Hof die diskresie het om die koers van die leningsooreenkoms te verminder, aangesien die rentekoers uitspattig, gewetenloos en teen die openbare belang is.

Die Hof *a quo* het Amod gelyk gegee en verklaar dat die paragrawe in die leningsooreenkoms, soos versoek in sy stawende eedsverklaring, onregmatig is en teen die openbare beleid.

### 2.5.3 *Ratio Decidendi*

Die Hoogste Hof van Appèl het met goedkeuring verwys na die uitspraak van Didcott R in *Roffey v Catterall, Edwards & Goudré (Edms) Bpk*[162], waarin dit gestel is dat 'n kontrak wat in 'n geldige vorm is, *prima facie* afdwingbaar is in die Suid Afrikaanse reg en dat daar uitvoering gegee sal word aan sodanige kontrakte tensy gronde waarom hulle vermy moet word, bewys kan word. Die Hof het aan die hand van paragraaf 57 en 87 van Ngcobo R se uitspraak in *Barkhuizen v Napier*[163] beslis dat daar 'n balans gevind moet word tussen publieke beleid en kontrakteersvryheid:

> "On the one hand public policy, as informed by the Constitution, requires in general that parties should comply with contractual obligations freely and voluntarily undertaken. This consideration is expressed in the maxim *pacta sunt servanda*, which, as the Supreme Court of Appeal has repeatedly noted, gives effect to the central constitutional values of freedom and dignity. Self autonomy, or the ability to

---

[162] 1977 (4) SA 494 (N) paragraaf 503H.
[163] 2007 (5) SA 323 (KH).



© University of Pretoria

regulate one's own affairs, even to one's own detriment, is the very essence of freedom and a vital part of dignity. The extent to which the contract was freely and voluntarily concluded is clearly a vital factor as it will determine the weight that should be afforded to the values of freedom of dignity. Pacta sunt servanda is a profoundly moral principle, on which the coherance of any society relies. It is also a universally recognised legal priciple. But the general rule that agreements must be honoured cannot apply to immoral agreements which violate public policy. As indicated above, courts have recognised this and our Constitution re-enforces it."

Die Hof het hierna bevestig dat die BK 'n ooreenkoms aangegaan het wat buite die bestek van die Nasionale Kredietwet val en dat die Hof *a quo* fouteer het toe díe dit laat lei het deur die bepalings van die reeds herroepte Woekerwet.[164] Om te bepaal of die transaksie neergekom het op woeker, sou die bepaling gemaak moes word in terme van die gemenereg wat nie 'n maksimum rentekoers voorskryf waarna 'n transaksie neerkom op woeker nie.[165] Die agbare Hof het homself laat lei in hierdie verband deur die uitspraak van Wessels R in *SA Securities, Ltd v Greyling*[166]:

"From the fact that there is no standard rate it follows that the amount of interest is in itself no criterion. It may, however, be an element in considering whether a transaction is or is not usurious. The court has allowed as much as sixty per cent, and in his judgement in *Reuter v Yates*, Mason, J., saw no reason why an amount of ninety per cent van be allowed, why not ninety-one? If ninety-one, why not ninety-two; and so on to 120 per cent. Therefore, the mere fact that the amount of interest seems high is not sufficient to make the transaction usurious. What then is there in a transaction which makes it usurious? If it is not the mere amount of interest, what other circumstances are there? A great deal has been said by various judges with regard to "the circumstances". It is very difficult for me to find any definite principle upon which a case of usury has been or can be decided. I think the most you can say is that the transaction must show that there has been either extortion or oppression, or something akin to fraud. I do not think we can put the principle any higher than that. Therefore in each case we have to decide whether there has been extortion, oppression, or any actions akin to fraud."

---

[164] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 17-18.
[165] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours* BK (2011) ZASCA 45 paragraaf 19.
[166] 1911 TPD 352 paragraaf 356.



© University of Pretoria

Die Hof voer aan dat Wessels R in sy uitspraak soos hierbo aangehaal, aandui dat dit nie nodig is vir die Hof om in elke fyn detail na te spoor na wat presies woeker behels in die Romeins Hollandse reg nie, aangesien dit reeds gedoen is in die saak van *Dyason v Ruthven*.[167] In die voorvermelde saak van *Dyason v Ruthen* het die Regters, nadat die geskiedenis van wat "woeker" uitmaak in die Romeins Hollandse reg omvangryk nagespoor is, dat woeker 'n goeie verweer is in aksieprosedure wat gegrond is op 'n ooreenkoms ingevolge waarvan rente betaal moet word en om met die verweer te slaag, daar 'n element van afpersing teenwoordig moet wees wat neerkom op bedrog.[168] Die Hof verwys verder met goedkeuring na die verwoording en bevestiging van die beginsel deur De Villiers AR as volg:

> "In South Africa the common law has always been that in order to render a transaction usurious, it must be shown that it is tainted with opression, or extortion or something akin to fraud"[169]

Die gemenereg verleen sy geldigheid uit die Grondwet, derhalwe is dit net afdwingbaar in die mate wat dit strook met die Grondwet.[170] Die Hof verwys verder na die saak van *City of Tshwane Metropolitan Municipality v RPM Bricks*[171], wat meld dat dit die plig van die howe is om die gemenereg uit te brei soos dit nodig mag wees, maar dat sulke uitbreidings moet geskied binne die raamwerk wat die Grondwet daarstel.[172] Die Hof stel dit dat in hierdie saak die vraag nie was of die gemeenregtelike reël ongrondwetlik is in terme van 'n spesifieke bepaling nie, maar eerder dat die argument is dat die gemeenregtelike reël kortkom van die gees en doelstellings van die Grondwet. Die Hof kritiseer die uitspraak van die Hof *a quo* deur die stelling te maak dat die Hof *a quo* nie homself nie afgevra het of die gemenereg ontwikkel moet word gegewe die doelstellings van artikel 39(2) van die Grondwet nie, maar desondanks die gesag van *Merry v Natal Society of*

[167] (1857-1860) 3 Searle 282.
[168] *Dyason v Ruthen* (1857-1860) 3 Searle bl 310.
[169] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 20.
[170] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 22.
[171] 2008 (3) SA 1 (HHA) paragraaf 20.
[172] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 22-23.



© University of Pretoria

*Accountants*[173], die uitgangspunt gevolg het dat 'n rentekoers van 60 of 78 persent per jaar, sondermeer op woeker neerkom en *contra bonos mores* is.[174]

Die Hof bevestig dat daar geen vaste gemeenregtelike koers is wat gebruik kan word as maatstaf waarvolgens alle rentekoerse wat hoër as dit is die transaksie onmiddellik laat neerkom op woeker nie en dat geen Hof deur 'n reeks besluite sal kan verklaar wat so 'n maksimum koers sal wees nie.[175] So 'n verklaring sal neerkom op wetgewing by wyse van regspraak.[176] Die Hof gaan vervolgens voort om van die bepalende faktore van 'n rentekoers uit te lig, naamlik:

- Die aard van die transaksie
- Die sosiale en ekonomiese stand van die partye
- Die risiko's betrokke vir die kredietverskaffer
- Die kwaliteit van die sekuriteit van die lener
- Rente behoort trant te hou met die wins wat gemaak kan word, want rente is uit die aard verteenwoordigend van wins. [177]

Ponnan AR maak die kardinale punt dat gewigtige oorwegings van kommersiële en sosiale aard vandag die gemenereg so relevant en gepas maak as wat dit was toe dit meer as 'n eeu gelede gevorm is en dat Grondwetlike oorweging dit eerder verbeter as om afbreuk te doen daaraan.[178] Hy gaan verder om te waarsku dat die skandalige benaming van "woeker" weliswaar kan afhang van die willekeur van 'n spesifieke regter, iets wat na Ponnan AR se mening teenstrydig is met die gees en doelstellings van die  Grondwet.[179] Ponnan AR haal dan met goedkeuring Harms AR aan uit die saak van Bredenkamp paragraaf 39:

> "A Constitutional principle that tends to be overlooked, when generalised resort to constitutional values is made, is the principal of legality. Making rules of law

[173] *Merry v Natal Society of Accountants* 1937 AD 331.
[174] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 24-25.
[175] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 26.
[176] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 26.
[177] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 26.
[178] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 27.
[179] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 27.



© University of Pretoria

discretionary or subject to value judgements may be destructive of the rule of law."[180]

Ponnan AR som die posisie op deur:

- Dit te herbeklemtoon die Grondwet en dié se onderliggende waardes nie algemene jurisdiksie verleen aan regters om kontrakte ongeldig te verklaar op grond van subjektiewe persepsies van regverdigheid en op onbepaalbare en onakkurate gronde soos die idee van goeie trou, nie.[181]
- Dat die algemene reël wat aanvaar is deur *Merry v Natal Society of Accountants*[182] dit duidelik maak wanneer 'n transaksie woeker uitmaak. So 'n reël verhoed verder oorywerige inmenging vanaf die regbank in die sfeer van kontrakteersvryheid en laat net inmenging toe deur die howe in die geval van afpersing, onderdrukking of iets soortgelyk aan bedrog.[183]
- Hierdie reël verseker dat daar 'n balans getref word tussen die reg om kontrakte te sluit en die beperking van die onaanvaarbare oortollige vryheid om te kontrakteer.[184]

Ponnan AR gaan dan voort om uit te lig hoekom die Hof *a quo* gefouteer het: Die Hof *a quo* moes oorweeg of die rentekoers wat gehef is in terme van die ooreenkoms neergekom het op woeker, deur dit te meet aan die toets of daar afpersing, onderdrukking of iets soortgelyk aan bedrog was.[185] Die Hof *a quo* was van mening dat die lener behoeftig was en dus geen bedingingsmag gehad het nie en dat die kredietverskaffer hulle om hierdie rede uitgebuit het deur buitensporige rente te hef.[186] Ponnan AR stel dit dat hierdie redenasie nie oortuigend is nie omrede, onder andere, Amod 'n gesoute sakeman was en dat die BK die vorige jaar 'n omset van R49,9 miljoen gehad het, 'n wins van R9.3 miljoen gemaak en bates gehad het van

[180] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 27.
[181] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 28.
[182] *Merry v Natal Society of Accountants* 1937 AD 331.
[183] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 28.
[184] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 28.
[185] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 30.
[186] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 31.



© University of Pretoria

R13.1 miljoen, wat daarop dui dat dit alles behalwe 'n behoeftige lener was.[187] Verder het die Hof *a quo* foutiewelik gefokus op wetgewing en dit daardeur laat lei, naamlik die herroepte Woekerwet en die Nasionale Kredietwet, terwyl nóg die Woekerwet nóg die Nasionale Kredietwet op hierdie ooreenkoms van toepassing was.[188] Die Hof *a quo* het ook nie genoeg gewig geheg aan die feit dat die doel van die lening winsbejag was nie, dat die lener geen terugbetalingsgeskiedenis gehad het by die kredietverskaffer nie, dat daar groot risiko geneem is deur die kredietverskaffer, en dat kredietverskaffers wat nie banke is nie, nie in staat is om deposito's te neem nie en derhalwe hulself moet finansier by wyse van ekwiteite en leningskapitaal wat baie duur is.[189]

Die Hof staan dus die appèl toe met koste en die Applikante word beveel om die uitstaande bedrae tesame met die rente per die ooreenkoms te betaal en die eiendomme wat gehou was as sekuriteit word uitwinbaar verklaar.

## 2.6 Faktore wat oorweeg kan word in die toets vir woeker

Otto eggo die waarskuwing dat dit bevestig is in die beslissing van *African Dawn Property Finance 2*[190] *en Structured Mezzanine Investments*[191] dat dit partye wat kredietooreenkomste sluit wat buite die Nasionale Kredietwet val, vrystaan om op enige rentekoers af te spreek en dat die howe, as uitgangspunt, die partye se ooreenkoms sal eerbiedig.[192] Otto verwys na die toets van *Merry v Natal Society of Accountants*[193] wat bevestig is in die bogenoemde sake en merk dat dit 'n streng toets is. Indien die Howe 'n waarde-oordeel sou moes vel, meen hy daar is 'n groot aantal faktore wat 'n rol speel wat oorweeg sou moes word deur die Howe.[194]

Otto gaan voort om die volgende oorwegings te lys:

[187] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 32.
[188] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 32.
[189] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 33-34.
[190] (2011) ZASCA 45.
[191] 2010 (6) SA 622 (WCC).
[192] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.
[193] *Merry v Natal Society of Accountants* 1937 AD 331.
[194] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.



© University of Pretoria

- "Die omvang van die lening."[195]

  Die omvang van die lening kan onder andere 'n bepalende faktor wees of die Nasionale Kredietwet van toepassing sal wees op die ooreenkoms al dan nie.[196] Die omvang van die lening kan ook aanduidend, maar nie deurslaggewend, wees of die ooreenkoms van 'n besigheidsaard is.

- "Die duur van die lening."[197]

  Selfs die Nasionale Kredietwet sal lenings toelaat met 'n rentekoers van 5% per maand, weliswaar beperk tot op die bedrag van R8000[198]. Myns insiens sal die Howe 'n hoë rentekoers meer aanvaarbaar vind indien dit vir 'n kort tydperk gehef word en beskou kan word as 'n geleentheidskoste, versus 'n langtermyn koste van kapitaal. Die risiko verbonde aan die lening sal 'n direkte invloed hê op die rentekoers van die lening, hoe hoër die risiko verbonde aan die lening, hoe hoër die rentekoers.

- "Die aan- of afwesigheid van sekerheidstelling."

  Otto verwys in hierdie verband na die betroubaarheid en deeglikheid van die sekuriteit wat gestel is vir die lening. Hy merk op dat persoonlike sekerheidstelling, wat by wyse van borgstelling gedoen word, soms niks van waarde kan oplewer nie en dat grond waaroor 'n verband geregistreer is beperkte waarde kan hê as dit in eksekusie verkoop word, op 'n tydstip wat die eiendomsmark swak is.[199] Otto merk, myn insiens, tereg op dat sekuriteit bloot die risiko van die gelduitlener net versag. Die beperking van risiko is 'n multi-faset beginsel in kredietverskaffing.[200] Die risiko's vir kredietverskaffers is legio en die grootste is die risiko van wanbetaling deur die skuldenaar, daar sal later in die studie uitgebrei word op die verskillende soorte risiko's wat kredietverskaffers loop.

---

[195] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.

[196] Paragraaf 1.3.3 supra.

[197] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.

[198] Regulasie 39(2)(a)(i) Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.

[199] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.

[200] Heffeman *Modern Banking*(2013) bl 101West Sussex: John Wiley & Sons Ltd( 2013) Bl 101.



© University of Pretoria

- "Watter een van die partye die inisiatief geneem net vir die aangaan van die kontrak."[201]

  Die hof sal in my opinie, 'n afleiding kan maak hieruit of die kredietverskaffer miskien opportunisties was en 'n kwesbare verbruiker oorgehaal het om krediet op te neem. Die Nasionale Kredietwet reguleer om hierdie rede direkte bemarking praktyke van kredietverskaffers.[202]

- "Die ooreengekome rentekoers, asook heersende markkoerse vir die tipe lening wat aangegaan is."

  Die Hof sal na my mening natuurlik kennis neem van die ooreengekome rentekoers, aangesien dit die kontraktuele beding is wat aangeveg word op die grond van woeker.[203] Verder sal kennis geneem moet word of die partye streng gehou het by die ooreengekome rentekoers. Om die heersende markkoerse vir 'n tipe lening wat aangegaan is vas te stel kan problematies wees, daar kan verwys word na Ponnan AR wat in sy uitspraak in die *African Dawn Property Finance 2* saak, die volgende meld:

> "The rate of interest vary with the nature of the fiancial transaction, the social and economic standing of the parties, the risks and so on." en "And, it can hardly be disputed inasmuch as profit varies and fluctuates, so too must interest, which by its very nature is represenatative of profit."[204]

Dit wil voorkom of privaat kredietverskaffers 'n prominente rol speel in die korttermynfinansieringsmark, soos die geval was in beide die *African Dawn Property Finance 2*[205] en *Structured Mezzanine Investments*[206] sake. Hierdie tipe instansies word nie verplig om hul state of inligting te publiseer soos publieke maatskappye, byvoorbeeld banke, nie.[207]

---

201 Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.

202 Art 74 - 77 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.

203 *Dyason v Ruthen* (1857-1860) 3 Searle bl 312.

204 *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 26.

205 (2011) ZASCA 45.

206 2010 (6) SA 622 (WCC).

207 JSE Listing Requirements Service Issue 18 Hoofstuk 3 opgehaal vanaf www.jse.co.za/current-companies/issuer-regulation.



© University of Pretoria

- "Hoe geredelik soortgelyke krediet elders vir die skuldenaar beskikbaar is."[208]

  Dit is my submissie dat hierdie faktor oop is vir interpretasie - dit sou 'n aanduiding wees van bedingingsgelykheid indien die verbruiker kon kies uit 'n verskeidenheid kredietverskaffers, maar ek meen nie dat daar outomaties 'n negatiewe afleiding gemaak kan word uit die feit dat daar 'n beperkte hoeveelheid kredietverskaffers is wat 'n spesifieke produk bied aan 'n spesifieke kliënt met 'n spesifieke behoefte nie. Kredietverskaffing blyk 'n hoogs gespesialiseerde en persoonlike produk te wees.

  Die volgende faktore is selfverduidelikend en ek skaar my by die mening van Otto:[209]

- "In hoe 'n mate daar indringend onderhandel is voordat die partye eenstemmigheid kon bereik.
- Of die partye op gelyke voet beding het al dan nie.
- Die graad van ervaring van die skuldenaar wat die lening opneem." Otto meen dat 'n mens goedskiks die gesofistikeerdheid van die geldopnemer, of gebrek daaraan, by hierdie oorwegingspunt sou kon byvoeg.[210]

- "Die doel van die lening, naamlik of dit vir persoonlike of gesinsdoeleindes aangewend gaan word, dan wel of daar 'n besigheidsoogmerk daaraan verbonde is."[211]

  Ponnan AR bevestig die relevansie van die doel van die lening in sy uitspraak, deur te verklaar:

  > "Counsel for the CC submitted that the purpose of the loan is irrrelevant. I do not agree. If it was to turn a profit, as appears to be the case, that would be a relevant consideration."

---

[208] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.

[209] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.

[210] Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.

[211] *Ibid*



© University of Pretoria

Dit blyk vir my aan hand van die bovermelde stelling van Ponnan AR dat die howe meer simpatiek sal wees teenoor ‘n lener indien die lening aangegaan is om persoonlike of gesinsdoeleindes, eerder as winsbejag. Dit moet nooit buite rekening gelaat word dat die Nasionale Kredietwet die kwesbaarste verbruikers beskerm nie, alhoewel dit belangrik is om daarop te let dat die Nasionale Kredietwet vir korttermynlenings rentekoerse van 5% per maand toelaat[212] en dat ‘n noodlening nie die beskerming geniet van ‘n verweer van oorverskuldigheid of roekelose krediet nie.[213] Dit blyk dat die wetgewer nie blind is vir die behoefte aan nood- en of korttermyn befondsing nie en die gepaardgaande risiko nie.

- “Die inherente risiko’s wat die uitlê van sy geld vir die geldlener inhou.”[214]

Kredietrisiko is die risiko dat die lener nie sy verpligtinge sal nakom teenoor die kredietverskaffer nie.[215] Politieke risiko kan byvoorbeeld tot gevolg hê dat politici die hervorming van die finansiële sektor kan afdwing,[216] soos ons krediet industrie hervorm is met die inwerkingtreding van die Nasionale Kredietwet.[217] Volgens Crafts & Toniolo is politieke risiko egter buite die beheer van individuele banke en ander kredietverskaffers, daar kan met hierdie mening saamgestem word.[218] Operasionele risiko word gedefinieer deur die Basel Committee on Banking Supervision se Basel II verslag as:

> “...the risk of loss resulting from inadequate or failed internal processes, people and systems or from external events.”[219]

Sistemiese risiko is die gevolg van die banksektor se toenemende integrasie wat veroorsaak dat ‘n krisis versprei oor die hele sisteem. Genoegdoeningsrisiko word gedefinieer deur die Basel Committee on Banking Supervision se Compliance and Compliance Function in Banks verslag as:

---

212 Regulasie 42 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
213 Art 78 Nasionale Kredietwet, wet 34 van 2005.
214 Otto “Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie.” (2012) 75 *THRHR* bl279 paragraaf 5.
215 Brunnermeier, M., K. (2008). Deciphering the liquidity and credit crunch 2007-08. *National Bureau of Economic Research*, (Working Paper 14612). Bl 2 Opgehaal van http://www.nber.org/papers/w14612.
216 Artikel 44(1)(a)(ii) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996.
217 Art 172(1) - 172(4) saamgelees met Skedule 1 - 3 Nasionale Krediewet, wet 34 van 2005.
218 Crafts, N., & Toniolo, G. “Economic Growth in Europe Since 1945” (1996) Cambridge University Press.
219 Basel Committee on Banking Supervision: International Convergence of Capital Measurement and Capital Standards - Basel II bl144 opgehaal vanaf http://www.bis.org/publ/bcbs128.pdf.



© University of Pretoria

> "... the risk of legal or regularoty sanctions, material financial loss, or loss to reputation a bank may suffer as a result of its failure to comply with laws, regulations, rules, related self-regulatory organisation standards, and codes of conduct applicable to its banking activities."[220]

Bogemelde is geensins 'n volledige opsomming van die risiko's wat kredietverskaffers in die gesig staar nie en die doel daarmee was bloot om uit te lig dat die kredietverskaffer aan meer risiko's blootgestel word as net kredietrisiko.[221]

## 2.7 Bespreking:

Die heffing van 'n rentekoers wat hoër is as wat geag aanvaarbaar te wees word gedefinieer as woeker. Die heffing van uitermatige hoë rente blyk 'n afkeuringswaardige gebruik te wees sedert antieke tye, so lank gelede as 1700vC in die Kode van Hammoerabi is daar aantekeninge wat die hef van woekerrente verbied.[222]

Ek stem saam met Otto dat al bogenoemde gronde belangrike oorwegingspunte is vir die Hof om in ag te neem wanneer dit moet bepaal of 'n rentekoers op woeker neerkom al dan nie. Daar is egter myns insiens nagelaat om 'n baie belangrike oorwegingspunt te meld en dit is die aard van die kredietverskaffer, dit wil sê, of die kredietverskaffer 'n bank-lener is of 'n privaat kredietverskaffer. In *African Dawn Finance 2* haal Ponnan AR aan uit die beantwoordende verklaring van Bezuidenhout, namens die Appèlant:

> "[T]he cost to the bridging financier of funding is also high. Unlike banks, due to the prohibition contained in the Banks Act, 1990 short-term financiers are not permitted to engage in deposit taking activities and accordingly are unable to utilise funds received from depositors in the provision of loan funding. Bridging financiers are accordingly required to fund loans through equity and loan capital, the cost of which is high."[223]

---

[220] Basel Committee on Banking Supervision: Compliance and Compliance Function in banks 2005 p 7 opgehaal vanaf http://www.bis.org/publ/bcbs113.htm.

[221] Dit is belangrik om te let dat die bovermelde risiko's ook van toepassing is op privaat kredietverskaffers en dat dit dus nie eksklusief is aan die domein van banke nie.

[222] Grové *Die Gemeenregtelike beheer van woeker in die Suid-Afrikaanse Reg De Jure* 1989(22) bl 233-244.

[223] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 34.



© University of Pretoria

Ponnan AR was van mening dat gewigtige oorweging hieraan geskenk moes word deur die Hof *a quo* maar wat in gebreke gebly het tot dien effek.[224] Privaat finansierders het nie al die goedkoop bronne van geld tot hul beskikking wat banke het nie en om te verwag dat hul dieselfde rentekoerse moet handhaaf as banke, is myn insiens onregverdig. Om 'n voorbeeld te gee: 'n Bank neem 'n deposito en betaal die deponeerder 5% rente daarop, die bank leen dan die deposito uit teen 10% rente. Die winsgrens van die Bank is dan 100%. 'n Privaat kredietverskaffer soos African Dawn Property Finance leen sy eie geld (ekwiteit) uit teen 60% per jaar, dus is die privaat kredietverskaffer se winsgrens 60% alhoewel sy rentekoers ses keer hoër is as die van sy bank teenstander.

[224] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 34.



© University of Pretoria

## 3. Gevolgtrekking

Soos aangedui in hoofstuk een bied die Nasionale Kredietwet omvattende beskerming aan verbruikers deur die daarstelling van verskeie regte wat dit aan die verbruiker toeken en verpligtinge waarmee dit die kredietverskaffer opsaal. Veral op prosedurele vlak word verbruikers rojaal deur die Nasionale Kredietwet beskerm. Verbruikers ten aansien van kredietooreenkomste wat buite die toepassingsgebied van die Wet val ontbeer dus hierdie ruim beskerming wat die Wet toestaan. Dit blyk dat daar veral sekere aspekte insake kredietooreenkomste wat buite die toepassingsgebied van die Wet val, wat problematies mag wees soos onder andere die posisie ten aansien van borgkontrakte en die vraag of daar hoegenaamd 'n beperking van enige aard is op die maksimum rentekoers waarteen rente op sodanige ooreenkomste gehef mag word.

Hierdie studie het gepoog om die behoefte na beskerming van sodanige verbruikers in die konteks van borgkontrakte uit te lig. Dit blyk voorts ook duidelik uit die studie, dat indien 'n kredietooreenkoms buite die bestek van die Nasionale Kredietwet val, word dit deur die algemene kontraktereg en die gemenereg beheers. Daar bestaan geen standaard rentekoers, wat as objektiewe maatstaf gebruik kan word om te bepaal of 'n rentekoers in terme van 'n kredietooreenkoms neerkom op woeker al dan nie. Die enigste verweer wat die verbruiker kan opper teen 'n buitensporige rentekoers is die verweer van woeker en dan sal die onus op die verbruiker rus om 'n Hof te oortuig dat daar, wat die kredietooreenkoms aanbetref, 'n element van afpersing, onderdrukking of iets soortgelyk aan bedrog betrokke was.[225] So 'n verbruiker is dus nie heeltemal sonder beskerming nie.

Die verbruiker wat homself bevind buite die beskermende sfeer van die Nasionale Kredietwet, wat aanbetref kredietooreenkomste, is nie in 'n benydenswaardige posisie nie in vergeleke met die omvattende verskeidenheid regte wat hy onder die Nasionale Kredietwet sou kon geniet het.

Wat opmerkbaar is uit hoofde van die studie is dat kwesbare verbruikers, naamlik klein regspersone en natuurlike persone as borge hulself sonder die beskerming van die Nasionale Kredietwet kan bevind wanneer hulle partye is tot

[225] *African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK* (2011) ZASCA 45 paragraaf 28.



© University of Pretoria

kredietooreenkomste. Tipies word natuurlike persone partye tot kredietooreenkomste, wat buite die bestek van die Nasionale Kredietwet val, deur as borg op te tree vir die lener. Dit is vanselfsprekend dat natuurlike persone die meeste het om te verloor indien hulle aanspreeklik gehou sou word ingevolge kredietooreenkomste wat hulle nie kan bekostig om te betaal nie. Om persoonlike bates, soos privaatwonings, te verloor het verreikende gevolge vir die natuurlike persoon wat sy eie kredietwaardigheid en selfs indiensneembaarheid kan aantas. Klein regspersone speel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie en om hierdie tipe verbruiker te ontneem van vele van die basiese beskermingsmaatreëls wat die Nasionale Kredietwet bied, is myns insiens, onverantwoordelik. Na my mening behoort die Wetgewer die regte van klein regspersone en veral die regte van natuurlike persone wat hulself as borge verbind tot kredietooreenkomste, wat nie die volle beskerming van die Nasionale Kredietwet geniet nie, drasties uit te brei, om te voorkom dat hierdie skuiwergate in die Nasionale Kredietwet nie uitgebuit word om krediet toe te staan aan verbruikers wat dit nie werklik kan bekostig nie.



© University of Pretoria

## Bibliografie

### 1. Boeke

Crafts *Economic Growth in Europe Since 1945*. (1996) Cambridge University Press

Forsyth *Caney's Law of Suretyship in South Africa* 5de uitgawe (2002) JUTA Kaapstad

Heffeman *Modern Banking* (2013) John Wiley & Sons Ltd West Sussex

Nagel *Kommersiële Reg* 4de uitgawe (2011) LexisNexis Suid-Afrika

Otto *The National Credit Act Explained* 2de uitgawe (2010) LexisNexis Suid-Afrika
*The National Credit Act Explained* 3de uitgawe (2014) LexisNexis Suid-Afrika

Scholz Otto in Scholtz et al *Guide to the National Credit Act* Service Issue 6 (2014 et seq) LexisNexis Suid-Afrika

Thomas *Textbook of Roman Law* 2de uitgawe (1981) North-Holland Pub Co Amsterdam

### 2. Joernale

Aucamp "The incidental credit agreement: a theoretical and practical perspective" 2013 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* 76

Campbell Campbell "The Excessive Cost of Credit on Small Money Loans under the National Credit Act 34 of 2005" (2007) *South-African Mercantile Law Journal*

Grové "Die Gemeenregtelike beheer van woeker in die Suid-Afrikaanse Reg" 1989 *De Jure* 22

Kelly-Louw "Should All Natural Persons Standing Surety Be Protected by the National Credit Act 34 of 2005" 2012 *SA Mercantile Law Journal* 24



© University of Pretoria

"Better Consumer Protection Under the Statutory In Duplum Rule" 2009 *South African Mercantile Law Journal* 3

Otto "Hemelhoë Rentkoerse, die gemeenregtelike verbod op woeker en die ingrypingsbevoegdheid van Howe indien die Nasionale Kredietwet nie van toepassing is nie." 2012 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* 75

"Die afkoelreg in die Nasionale Kredietwet en die Wet op Verbruikersbeskerming" *2012 LitNet Akademies* 9(1) opgehaal vanaf http://www.litnet.co.za/Article/die-afkoelre-in-die-nasionale-kredietwet-en-die-wet-op-verbruikersbeskerming [5 Oktober 2014]

"The National Credit Act: Default notices and debt review; the ultra duplum rule" Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg 133

"Die Toepaslikheid (al dan nie) van die Nasionale Kredietwet op rentevrye kontrakte" 2012 *De Jure* opgehaal vanaf hhttp://www.dejure.up.ac.za/index.php/en/volumes/45-vol-1-2012/notas/otto-jm.html [30 Sept 2014]

Renke "The National Act: New parameters for granting of credit in South Africa" 2007 *Obiter*

Stoop "Kritiese evaluasie van die toepassingsgebied van die "National Credit Act" 2008 *De Jure*

"The National Credit Act Regarding Suretyships and Reckless Credit" 2011 *Potchefstroom Elektroniese Regsjoernaal* (14)2

Verhoef "Savings and survival in a modern African economy: informal savings organisations and poor people in South Africa" 2001 *Historia* 46(2)

## 3. Wetgewing

| | |
|---|---|
| Algemeneregswysigingswet | Wet 50 van 1956 |
| Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika | van 1996 |
| Integrasie van Woekerwette Wet | Wet 57 van 1996 |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Kredietooreenkomstewet | Wet 75 van 1980 |
| Nasionale Kredietwet | Wet 34 van 2005 |
| Nasionale Krediet Wysigingswet | Wet 19 van 2014 |
| Wet op Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie | Wet 4 van 2000 |
| Woekerwet | Wet 73 van 1968 |

## 4. Sakelys

**A:**

African Dawn Property Finance 2 (Edms) Bpk v Dreams Travel and Tours BK (2011) ZASCA 45

**B:**

Barkhuizen v Napier 2007 (5) SA 323 (KH)

Basil Read (Pty) Ltd v Beta Hotels (Pty) Ltd 2001 2 SA 760 (C) 766F

**C:**

City of Tshwane Metropolitan Municiplaity v RPM  Bricks 2008 (3) SA 1 (HHA)

**D:**

Dyason v Ruthen  (1857-1860) 3 Searle 282

**K:**

Kubyana v Standard Bank of South Africa 2014 (4) BCLR 400 (CC)

**M:**

Merry v Natal Society of Accountants 1937 AD 331

**N:**

Nedbank Bpk v Die Nasionale Krediet Reguleerder 2011 ZASCA 356

Nedbank Ltd v Van Zyl 1990 2 SA 469 (A) 473I



© University of Pretoria

**O:**

Opera House (Grand Parade) Restaurant (Edms) Bpk v Cape Town Municipality1989 (2) SA 670 (C)

**R:**

Roffey v Catterall, Edwards & Goudré (Edms) Bpk 1977 (4) SA 494 (N)

**S:**

SA Securities, Ltd v Greyling1911 TPD 352 paragraaf 356

Sebola & Another v Standard Bank of South Africa LTD & Another 2012 (5) SA 142 (CC)

Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 194 Ltd and Another (No 1) 2010 (1) SA 627 (C)

Standard Bank of South Africa Ltd v Hunkydory Investments 188 (Edms) Bpk en 2 Andere

Standard Bank of South Africa v Dhlamini 2013 (1) SA 219 (KZD)

Structured Mezzanine Investments 2010 (6) SA 622 (WCC)

**Z:**

Zokufa v Compuscan 2011 (1) SA 272(ECM)

## 5. Internet Bronne

JSE Listing Requirements Service Issue 18 Hoofstuk 3. Opgehaal vanaf http://www.jse.co.za/current-companies/issuer-regulation [1 Okt 2014]

Brunnermeier, M., K. (2008). Deciphering the liquidity and credit crunch 2007-08. National Bureau of Economic Research, (Working Paper 14612). Opgehaal van http://www.nber.org/papers/w14612 [13 Sept 2014]

Basel Committee on Banking Supervision: International Convergence of Capital Measurement and Capital Standards - Basel II. Opgehaal vanaf http://www.bis.org/publ/bcbs128.pdf [11 Okt 2014]



© University of Pretoria

Basel Committee on Banking Supervision: Compliance and Compliance Function in banks 2005. Opgehaal vanaf http://www.bis.org/publ/bcbs113.htm [11 Okt 2014]

## 6. Staatspublikasies

GK 713 in die Staatskoerant 28893 van 1 Junie 2006
GK 597 in die Staatskoerant 37882 van 1 Augustus 2014



© University of Pretoria